# ATKV-JAARVERSLAG 2022

## 'N GLASHELDER TOEKOMSBLIK



ATKV



# 'N **GLASHELDER** TOEKOMSBLIK

# INHOUD


Verslag van die voorsitter 4

ATKV-waardes en ATKV-erelede 6

ATKV-MSW-Direksie 7

Verslag van die besturende direkteure 8

Korporatiewe bestuursverslag 20

Verslag van die ouditkomitee 34

Verslag van die sosiaal-en-etiekkomitee 36

Verslag van die vergoedings- en mensehulpbronkomitee 38

Finansiële state 40

Verklaring van die maatskappysekretaris 42

Direkteursverslag 43

Verslag van die onafhanklike direkteure 51

State van finansiële stand 54

State van wins of verlies en ander omvattende inkomste 56

State van veranderings in ekwiteit 58

State van kontantvloei 60

Rekeningkundige beleid 61

Aantekeninge tot die finansiële state 72



# VERSLAG VAN DIE **VOORSITTER**

## *Dr. Marlene le Roux*

Dit is met groot dankbaarheid vir die seëninge wat die ATKV die afgelope jaar beleef en ontvang het wat ek hierdie boodskap aan u rig. Covid-19 het die afgelope paar jaar ons alledaagse lewe ontwrig. Aanvanklik was vrees die grootste uitdaging. Nou, in die eerste treë na 'n post-pandemietydperk, is die vrees minder, maar die uitdagings selfs meer en groter as voor die pandemie. Armoede en werkloosheid het toegeneem, en ons gaan nog lank moet saamleef met die fisieke, finansiële en emosionele gevolge van die pandemie, streng inperkings en die "nuwe normaal". Die pandemie het ons almal gedwing om te innoveer net om te oorleef. Die ekonomiese impak van die pandemie het baie mense swaar getref. Gun my asseblief 'n oomblik waarin ons terugskouend die lewens van diegene wat nie meer met ons is nie in herinnering bring.

Die ATKV het opnuut vernuwend die uitdagings aangepak en ons kon as organisasie oorleef. Die ATKV gaan van krag tot krag en ons digitale voetspoor verbind ons nou wêreldwyd. Dit is verblydend om deel te kan wees van die ATKV in al sy dimensies – van die bestuur, personeel, takke, inisiatiewe en elke lid. Begeester, bemoedig, bemagtig: dié woorde laat my aan die ATKV dink en sit 'n groot glimlag op my gesig; nog meer – dit lig my gemoed.

Ons organisasie bly 'n kultuurtuiste vir Afrikaans, en 'n inklusiewe organisasie met 'n missie, visie en waardes wat die demokratiese belange van die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap uitbou en bemagtig. Die ATKV vervul 'n groot ondersteunende rol in gemeenskappe en maak 'n daadwerklike verskil.

Die ATKV fokus steeds op die jeug en maak vir hulle deure oop – deure na bewussyn en gewaarwording van 'n positiewe uitkyk op die lewe. Projekte van pret en lag en hoop. Meer nog, inisiatiewe wat opvoeding en onderwys verbeter en bevorder.

Adam Small het geweet: hulpverlening moet ook bemagtig. Bemagtiging moet gerig wees op 'n geheelperspektief waarin maatskaplike, ekonomiese en kulturele ontwikkeling geïntegreer is. Die ATKV bestaan uit soveel fasette, maar in wese is ons 'n kliëntgedrewe organisasie. Soveel van wat ons doen is die onbaatsugtige opoffering van lede se ondersteuning en naasteliefde. Daarom wil ek dit ook vandag beklemtoon: menswaardigheid is gesetel in opvoeding; en kuns en kultuur, wat

die uitvoerende kunste insluit, bied belangrike sleutels om menswaardigheid te ontsluit. In ons huidige menswees se bestaan is die uitreik, bevorder en omgee die hand wat help en die gemeenskap omarm en ons siel verryk.

Die onderskeie projekte van die ATKV maak ook 'n verskil in kinders se lewens. Dit raak hul siel aan en voed die gees. Dit skep hoop, gee selfvertroue en wys dat alles en almal 'n plek in die wêreld het. Waardesisteme word in ons alledaagse kultuurbeoefening bevorder deur ons daadwerklike bydrae tot en in die kunste. Deur geleenthede te skep, maak die ATKV deure oop. Kleuters kekkel en kraai van lekkerleesstories oor nuwe wêrelde en verhale; die jeug dig, skryf, dra voor en spel te lekker in ons jaarlikse kompetisies. Die ATKV oorbrug politieke grense, bring mense bymekaar en bind gemeenskappe aan mekaar. Die onderskeie projekte baan die weg vir 'n gelyke speelveld en skep die geleentheid om te droom ongeag 'n onseker toekoms. Elke ATKV-lid is 'n ligpunt van inspirasie. Saam vorm die lede 'n loflied in 'n koor; hoor en ervaar ons die harmonie van klank. Daar is geen politieke agenda nie. Dít is die Suid-Afrika waarna ons streef – 'n Suid-Afrika waarin elkeen 'n geleentheid sal kry om hulself en hul identiteit te ontdek.

Ons het die afgelope jaar baie ontberinge meegemaak. Ek sal eerlik wees: dit was met tye ongelooflik uitdagend. Wanneer ek terugkyk na dit wat ons vermag het, gee dit my hoop en motivering vir die jaar wat voorlê. Raak betrokke, maak die keuse en neem aksie! Moenie net dink en droom nie. Laat ons doen! Mag ons aanhou om inspirasie te put uit ons taal, en laat ons bemoedig, hoop gee en motiveer in Afrikaans – en op dié manier 'n suksesvolle 2022 help verseker.

My opregte dank aan my mede-direksie-lede, ATKV-personeel, ATKV-lede en ook vriende van ons organisasie wat in die afgelope verslagjaar – dikwels onder baie moeilike en uitdagende omstandighede – altyd getrou gebly het aan die missie en visie van die organisasie.

'n Glashelder toekomsblik. Die ATKV is rigtinggewend, gerat en gereed om die uitdagings die hoof te bied en 'n glashelder toekoms vir ons jeug te skep. Reik uit, moedig aan en bou.

Ons is aan mekaar verbind deur ons liefde vir ons gedeelde taal, Afrikaans.

*Dr. Marlene le Roux*
**VOORSITTER: ATKV-MSW-DIREKSIE**
**9 JUNIE 2022**

*Ons organisasie bly 'n kultuurtuiste vir Afrikaans, en 'n inklusiewe organisasie met 'n missie, visie en waardes wat die demokratiese belange van die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap uitbou en bemagtig.*

# VISIE, MISSIE EN WAARDES

## DIE VOLGENDE VISIE, MISSIE EN WAARDES GELD VIR ALLE ENTITEITE BINNE DIE ATKV-GROEP.

### *Visie:*

Die ATKV maak Afrikaanse taal, kultuur, kennis en kreatiwiteit onmisbaar en aktief deel van nasiebou, versoening en 'n suksesvolle Suid-Afrika.

### *Missie:*

Die ATKV sien pro-aktief en op 'n volhoubare wyse om na die diverse taal- en kultuurbehoeftes van die Afrikaanssprekende gemeenskap, en verwelkom aktiewe deelname van die breër Suid-Afrikaanse en internasionale gemeenskappe.

Daarom sal die ATKV 'n onderneming bedryf ten einde op 'n volhoubare wyse sosiale en ekonomiese vooruitgang te kweek deur:

- die Afrikaanse taal uit te bou;
- 'n omvattende Afrikaanse kultuurtuiste te bied;
- relevant en geloofwaardig te wees;
- ontwikkelings- en opleidingsgerig te wees;
- netwerke te vestig en uit te bou;
- ekonomies kragtig en volhoubaar te wees;
- inklusief te wees;
- eietyds en dinamies te wees; en
- die waarde van die ATKV-handelsmerk te ontgin.

### *ATKV-waardes:*

Die ATKV streef die volgende waardes na:

- Die ATKV word gekenmerk deur die Christelik-Bybelse grondslag.
- Die ATKV bedryf aktiwiteite volgens gesonde sakebeginsels.
- Die ATKV is verbind tot goeie korporatiewe bestuur.
- Die ATKV se besluitneming en optrede is dus gebaseer op die etiese waardes van verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid, deursigtigheid, respek, gelykheid, diversiteit en menswaardigheid.

### *ATKV-Erelede*

Mev Aletta Sophia Botes
Mev Christina Johanna Conradie
Mev Corne Stephanie de Milander
Mev Johanna Drotsky
Mev Susanna Monica Grove
Mev Christina Susanna Higgs
Mev Fantine Lambrecht
Mev Alice Catharina Maartens
Mev Hendrina Maria Morgan
Mev Johanna Christina Naude
Mev Maria Magdalena Petro Volschenk
Prof Hans George Wilhelm Du Plessis
Regter Antonie Gildenhuys
Mnr Bartholomeus Heckroodt
Mnr Victor PB Horne
Dr Frederik Johannes Kok
Mnr Izak Andries Kotze
Dr Antonie Troskie Moolman
Mnr Johannes Bernard van Schoor
Mnr Johannes Venter

# ATKV-MSW-DIREKSIE



Dr. Marlene le Roux
**VOORSITTER**




Mnr. Dirk Lotter
**VISEVOORSITTER**



Me. Charmel Flemming
**VOORSITTER: OUDITKOMITEE**



Prof. Deon Rossouw
**VOORSITTER: SOSIAAL-EN-ETIEKKOMITEE**



Mnr. Pieter Geldenhuys
**NIE-UITVOERENDE DIREKTEUR**



Mnr. Brendan Paulse
**NIE-UITVOERENDE DIREKTEUR**



Prof. Susan Smith
**NIE-UITVOERENDE DIREKTEUR**



Prof. Marius Ungerer
**NIE-UITVOERENDE DIREKTEUR EN VOORSITTER: VERGOEDINGS-EN-MENSEHULPBRONKOMITEE**



Me. Sonél Brits
**BESTURENDE DIREKTEUR: ATKV-MSW**



Mnr. Schalk Cilliers
**BESTURENDE DIREKTEUR: ATKV-SAKE**



Mnr. Tommy Truscott
**FINANSIËLE DIREKTEUR: ATKV-GROEP**



Mnr. Johan Schoeman
**MAATSKAPPY-SEKRETARIS**





# VERSLAG VAN DIE **BESTURENDE DIREKTEURE**

# *Me. Sonél Brits & Mnr. Schalk Cilliers*

Die ATKV het inderdaad saam met die res van die wêreld uitdagende tye beleef. Tog was 2021 'n genadejaar waarin baie seën en voorspoed die organisasie gestem het tot intense dankbaarheid.

Die wêreld beleef histories kritieke tye. Eers het die Covid-19-pandemie ons werksaamhede ernstig beïnvloed, en nou skep onstabiliteit in Europa die potensiaal vir verdere ekonomiese ontwrigting.

Wat doen die ATKV in hierdie onstabiele omgewing? Belangriker nog, wat moet die ATKV doen? Die organisasie het op finansiële gebied merkbaar herstel van die pandemie se invloed, hoewel ons nog nie volkome op die vlakke van voor die pandemie is nie. Wat in dié verslag volg, probeer die vraag hierbo in die konteks van die ATKV beantwoord.

## ALGEMENE WERKSAAMHEDE

Gedurende die verslagjaar het die nuwe ATKV-groepstrategie beslag gekry. Die onderskeie operasionele strategieë is hersien en aandag is gegee aan die evaluering van vordering, metingsmetodes, belyning, mensekapitaal en behoeftes, finansies, organisasiekultuur en gebeurlikheidsbeplanning.

Die ATKV se benadering gedurende die verslagjaar was om by die veranderende omstandighede aan te pas. Daarom het ons begin beweeg na 'n hibriede werksmodel waarvolgens ons sowel digitaal as in persoon met projekte voortgegaan het soos die situasie bepaal het.

Wat ATKV-Sake betref, is die impak van die Covid-19-pandemie steeds sigbaar. Oordbesprekings het aansienlik verbeter, maar is nog nie op die vlak voor die pandemie nie. Omsetsyfers by Negester-landgoed ATKV-Klein-Kariba en ook afkomstig vanuit die Hartenbos Seefront-sentrum beklemtoon die ekonomiese skade aan sake, toerisme en die gasvryheidsektor.



## TAKKE

Die ATKV spog tans met 293 takke. Gedurende die verslagjaar het takke op gemeenskapsprojekte gefokus, veral wat betref opleiding en vennootskapsbestuur. Nasionale loodsprojekte met die fokus op lees met begrip en voedselsekerheid is van stapel gestuur. Die gebruik van takke as verspreidingskanaal is 'n pertinente strategiese fokus van die ATKV en word hierdeur gedemonstreer. Die tekortkominge in die onderwyssektor word verder benadruk deur navorsing wat daarop dui dat leerders tydens die Covid-19-pandemie ten minste 'n jaar se onderrig ingeboet het. Indien 'n mens in ag neem dat lees met begrip reeds voor die pandemie problematies was en dat moedertaalonderrig ook nie die nodige inslag vind nie, was die strategiese besluit om te fokus op lees met begrip op alle vlakke in die organisasie, in die kol. Die toekomstige uitbreiding van hierdie projekte maak 'n mens opgewonde.


## LEDE

Die totale ledetal van die ATKV beloop ongeveer 60 000 – 'n merkwaardige prestasie wanneer die impak van Covid-19 en 'n verswakkende ekonomie in ag geneem word.

Die verslagperiode is gebruik om verder beslag te gee aan die nuwe ledestelsel. In die verslagjaar het 42 106 lede aangeteken op die iMIS-stelsel om profiele by te werk en van aanlyn funksionaliteite gebruik te maak.

Die provinsiale verspreiding van die ledebasis volg nasionale neigings van semigrasie wat 'n verskuiwing van gesinne na die Wes-Kaap toon. Die verskynsel van afstandswerk versterk hierdie patroon.

Lede is kernbelangrik tot die sukses van die organisasie.
Die ontleding van besprekings by oorde het die volgende getoon – Persentasie besprekings bewerkstellig deur 'n lidprofiel (sluit in lid en nie-lid tariewe):




| OORD | PERSENTASIE |
|---|---|
| ATKV-Buffelspoort | 46% |
| ATKV-Drakensville | 28% |
| ATKV-Eiland Spa | 51% |
| ATKV-Goudini Spa | 42% |
| ATKV-Hartenbos | 51% |
| ATKV-Klein-Kariba | 31% |
| ATKV-Natalia | 45% |

## TAALGENOOT (TG)


*Taalgenoot* is nou beskikbaar op Netwerk24 se platform van e-publikasies. Die leserstal van *Taalgenoot* styg steeds met elke uitgawe – 'n verblydende tendens. *TG* as mondstuk van die ATKV speel 'n belangrike rol in die posisionering van die organisasie, maar ook om die diverse stemme wat opgaan op taal- en kultuurgebied te laat hoor. Die kwaliteit van *TG* spreek vanself en word dikwels as rigtinggewend bestempel.


## TAAL EN KULTUUR


Die pandemie het, soos hierbo genoem, 'n wesenlike impak gehad op die kernbesigheid van die ATKV. Dit sluit nie net ATKV-Sake in nie, maar beslis ook die taal- en kultuurbedrywighede. Ooreenkomstig met die ATKV se risikobestuursproses, wat ook 'n geleentheidsbestuursproses is, het ons die uitdagings hiervan omarm en projekte nuut verpak. Die digitalisering van taal-, kuns- en kultuuraktiwiteite het nie net 'n kreatiewe innovasieproses van stapel gestuur nie, maar dit vir die ATKV moontlik gemaak om steeds sigbaar te bly. Hierdie digitalisering gaan voort, asook fisieke byeenkomste en projekte waar dit moontlik is en Covid-19-regulasies dit toelaat.

Van die prominentste aktiwiteite gedurende die verslagjaar was:

- Bevordering van taalgeletterdheid deur Afrikaanse Olimpiade, DigiTaal, DigiSpel, DigiSkryf, DigiPraat, DigiSpanpraat en Afrikaans vir Almal.
- Verbetering van kommunikasievaardighede in Afrikaans deur Doendinge vir Afrikaans, DigiPraat, DigiSpanpraat en DigiToneel.
- Toets en opskerp van tegniese taalvaardighede deur Beter Afrikaans, DigiTaal, redenaarskursusse en debatkursusse.
- Bemagtiging van ouers om beter






taalkeuses vir hul kinders se opvoeding te maak deur Afrikaans vir Almal, voorleeswerkswinkels, leeskonferensies, leesondersteuning, die Ommietafel-gesprekreeks en die Vriende van Afrikaans se boektrommelprojek.

- Omsien na die taalbehoeftes van die diverse Afrikaanssprekende gemeenskap deur die aanbied van DigiPraat (kategorieë vir eerste- en tweedetaalsprekers) en die boektrommelprojek.
- Bevordering van die kunste deur DigiToneel, DigiKuns, KomposisieKompetisie, DramawebSA, die Toneelteksprys en regisseurskursusse.
- Gee van erkenning deur die Mediaveertjies ('n spesiale toekenning vir ondersoekende joernalistiek oor die Covid-19-pandemie), Woordveertjies en die Kinderboektoekennings.
- Aanbied van opleidingskursusse in entrepreneurskap, redenaars, debat, tienertoneel, leierskap (DigiKaptein), rieldans, die skryf van liedjies, asook ATKV-Postmatriek se geakkrediteerde jaar- en kortkursusse.

Die ATKV-Tienertoneeleindronde te Kunstekaap was 'n hoogtepunt. Wat dit nog meer uitsonderlik maak was dat die nasionale wenner 'n Engelse voertaalskool was wat in Afrikaans deelgeneem het! Weer 'n bewys van die waarde van taal, kultuur en die ATKV-handelsmerk in die proses van brûe bou en persepsies afbreek.

Crescendo het verder momentum gekry met die Platformsessies. 'n Kleiner verhoog, wat aan gevestigde en opkomende kunstenaars die geleentheid gebied het om hul talent ten toon te stel. Die hoogtepunt was die Anneli van Rooyen-konsert waartydens Jodi Jantjies onder meer van Anneli se goue treffers opgevoer het.

In die verslagjaar was die ATKV ook bevoorreg om befondsing te ontvang van onder meer die Dagbreek Trust en die departement van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.

Die suksesvolle implementering van die bogenoemde aktiwiteite het die ATKV se markposisionering, aanbod en volhoubaarheid te midde van 'n wêreldwye pandemie gewaarborg as dié voorkeurorganisasie wat die Afrikaanse taal en kultuur bemark en uitbou.

## ABBASORG EN ONDERWYS

Albei hierdie fokusse het gedurende die verslagjaar vordering getoon.

Vir AbbAsorg is dit belangrik om op wetenskaplike wyse te bepaal of kleuters het nog nie op wetenskaplike wyse hul mylpale bereik.

'n Groep vroeëkinderontwikkeling- (VKO) spesialiste en -vakkundiges wat reeds baanbrekerswerk in dié verband gedoen het, is hieroor genader en hulle dienste is ingespan. Die gedagte is ook om hierdie wetenskaplik-gefundeerde ondersoek voor te lê aan finansierders.

Bemagtiging van die ATKV se mensekapitaal is vir die organisasie 'n strategiese fokus. Dit is ook noodsaaklik dat ons praktisyns gehalte-voorskoolse onderrig aan kinders by ons AbbAsorgsentrums bied. Om te verseker dat dit deurentyd gebeur, het ons vyf praktisyns geregistreer om hul kwalifikasies ten opsigte van VKO te verbeter.

Die AbbAsorg-vaardigheidsontwikkelings-opleiding wat deur die DG Murray Trust befonds is, het goed verloop. Daar is onderhoude met deelnemers gevoer en dit het die feit bevestig dat die AbbA-sorgvaardigheidsontwikkelingsopleiding wel waarde toevoeg om die gaping tussen die formele VKO-opleiding wat deur Verdere Ontwikkelings- en Opleidings-kolleges (VOO) aangebied word en die praktiese komponente van VKO deur 'n vaardigheidsprogram te oorbrug.

Hierdie bevestiging sal ons waardeproposisie ten opsigte van ons vaardigheidsopleidingsaanbod versterk.

Die assessering van die AbbAsorg-program in terme van die meting van vroeëleeruitkomste het ook in die verslagjaar beslag gevind. Dit stel die ATKV in staat om die kwaliteit van die program deurlopend te verbeter.

Wat Kopskuif betref, is die volgende statistieke relevant:

| PROVINSIE | ONDERWYSERS | SBL | SBS | LEERDERS | NIE-DOSERENDE |
|---|---|---|---|---|---|
| **GAUTENG** | 16 skole | 13 skole | 5 skole | 6 skole | 2 skole |
| **NOORDWES** | 3 skole | 8 skole | 5 skole | 2 skole | 3 skole |
| **KZN (ZOOM)** | - | 5 skole | 4 skole | - | - |
| **TOTAAL** | 19 skole | 26 skole | 14 skole | 8 skole | 5 skole |

Dit word al hoe duideliker dat rolspelers nou self die ATKV nader vir aanbieding van die Kopskuif-program in hul onderskeie instansies.

## KOMMUNIKASIE- EN BEMARKINGSAFDELING

Gedurende die verslagperiode was aksies en projekte binne die kommunikasie- en bemarkingsafdeling daarop gemik om die waardeproposisie van die ATKV te bemark.

Die posisioneringsboodskap was gesentreer rondom die konsep van ontwikkeling van individue/gemeenskappe se vaardighede en goeie-nuusstories is deurgaans oor die "belê in jouself, belê in die toekoms, #weesdieverskil"-slagspreuk vertel.

Die media speel 'n onlosmaaklike rol in die posisionering van die ATKV-MSW en is as strategiese vennoot van kardinale belang in die vertel van stories. Spesiale klem word geplaas op verhoudings met streeksmedia om te help vertel aan stories uit die gemeenskap oor die gemeenskap.

Die reklamebegroting is optimaal benut en het gefokus op kanale soos TV (SABC2, kykNET, VIA), radio (14 streeksradiostasies en RSG) en digitale platforms.

Die ATKV se sigbaarheid en voetspoor op sosiale media soos op 28 Februarie 2022 was soos volg:

| | FEBRUARIE 2022 |
|---|---|
| **Facebook** | 28 779 |
| **Twitter** | 17 630 |
| **Instagram** | 4 655 |

Die aantal volgelinge op die ATKV-MSW se onderskeie sosialemediaplatforms toon konstante groei.

Die ATKV-Woekerfonds word deurlopend bemark en daar moet ook melding gemaak word van die Kopskuif-geselsprogram op Kaapse Kansel (729 AM), waar blootstelling aan die werksaamhede van die ATKV gegee word. Die ATKV het in die verslagperiode ook "Taaldinge" op RSG geborg en was betrokke by die spesiale Covid-19-toekenning vir uitmuntende Afrikaanse beriggewing oor die pandemie.

Die ATKV-kommunikasie- en bemarkingsafdeling het in samewerking met die ATKV-streeksbestuurders 'n veldtog van stapel gestuur om rolspelers in die gemeenskap te bedank vir hul #weesdieverskil in hul onderskeie gemeenskappe.

## FINANSIES

Die ATKV is dankbaar dat die finansiële posisie van die groep verbeter het sedert die aanvang van die Covid-19-pandemie. Hoewel die syfers toon dat die organisasie nog nie terug is waar hy voor die pandemie was nie, vertoon die syfers baie gunstig. Gedurende die verslagjaar is veral klem gelê op:

- Streng bestuur van kontant.
- Streng bestuur van kapitaalspandering en -projekte.
- Besparingsmoontlikhede van die "groen" ekonomie.

## DIREKSIES EN PERSONEEL

Gedurende die verslagjaar is 'n nuwe mensehulpbronbestuurder (MHB) in die ATKV aangestel. Dit het daartoe gelei dat werknemersake, arbeidsverhoudinge en veral welstandsaspekte spesifiek aandag gekry het. Goeie vordering is gemaak



ten opsigte van laasgenoemde, asook die bywerking van die werknemer-databasisse.

## KORPORATIEWE BESTUUR

Die klem het gedurende die verslagjaar geval op die voorbereidingswerk vir die operasionalisering van die groepstrategie en die stelselmatige beweging na geïntegreerde verslagdoening. 'n Meer breedvoerige verslag hieroor is in die korporatiewebestuursverslag en lopendesaakverklaring as deel van hierdie bundel beskikbaar.

## ATKV-GROEN EN GEMEENSKAPPE

'n Kort oorsig van die ATKV se fokusse teen die agtergrond van sy hulpbronne, is soos volg:

**MENSLIK**

Die ATKV is besig met die heropbou van die mensehulpbronbestuursfunksie.

**SOSIAAL**

Die fokus en meting van die impak op gemeenskappe.

**INTELLEKTUEEL**

'n Behoeftebepaling oor wat die ATKV benodig en wat die huidige stand van sy intellektuele kapitaal is, word in die vooruitsig gestel.

**FINANSIEEL**

'n Merkbare verbetering is sigbaar. Die fokus bly op kontantbestuur en besparing, veral deur benutting van groen projekte.

**OMGEWING**

In die verslagjaar het die klem geval op sonpaneelinstallasies en die herwinning van gryswater vir aanwending by die ATKV-oorde.

Spesifieke groen aksies waarop gefokus word by die oorde is:

- Elektrisiteitsverbruik.
- Waterherwinning, veral die gebruik van reënwater en die heraanwending van bruikbare rou- of rioolwater.
- Aanplant van inheemse bome.
- Uitroei van uitheemse boomspesies.
- Herwinning van vullis en die identifisering van afsetgebiede vir vullis vanaf oordpersele.
- Afskop van die eerste fase van implementering van sonkrag as alternatiewe energieverskaffing by ATKV-Buffelspoort.

## GESONDHEID EN VEILIGHEID

Terwyl die ATKV steeds alle regulasies rakende die Covid-19-pandemie nakom en die nodige aanpassings doen soos dit nodig word, is die verslagjaar veral gekenmerk deur die voorbereiding van 'n nuwe welstandstelsel vir werknemers.

Versekerings- en nakomingsprosesse (verkryging van data, analisering daarvan en vlakdrie-versekering) is in plek gestel.

## ATKV-SAKE

ATKV-Sake het gedurende die verslagperiode 'n merkbare verbetering getoon. Ons is nog nie waar ons voor die Covid-19-pandemie was nie, maar die syfers toon 'n merkbare verbetering. Dit is egter duidelik, veral as gekyk word na besettingsyfers by die oorde en omset van ander verkope, dat die ekonomiese omgewing 'n opmerklik negatiewe effek het op verbruikers se spanderingsvermoë.

Oordbesetting het vinniger herstel as wat aanvanklik verwag is. Die uitdagings was wel daar om oorde veilig te hou en seker te maak dat die vakansiemark veilig voel om die ATKV-oorde vir hul welverdiende beplande vakansies te besoek. Die weekbesetting was en is steeds 'n uitdaging omdat die skole- en konferensiemarkte langer gaan neem om te herstel en daar sal ook na alternatiewe gekyk moet word. Ons kon die jaar afsluit met besettingsyfers van ongeveer 58,1% vir huisvesting (64% voor Covid-19) en 32% vir kampering (40% voor Covid-19), waaroor ons baie dankbaar is. Verdere inligting hieroor word in die finansiële state van die Sakemaatskappy aangedui.

## NEGESTER LANDGOED

By **Negester Landgoed Klein-Kariba** was daar 'n verdere fase ontwikkeling van 21 erwe voltooi. Hierdie fase sluit groter erwe in vir voornemende kopers wat ruimer en groter drieslaapkamerhuise wil bou. Die verkope van erwe in die afgelope jaar was baie stram wat grootliks toegeskryf word aan ekonomiese faktore.

Projekopsomming soos op 29 Februarie 2022:

- Huise voltooi: 184
- Huise in aanbou: 7
- Planne vir ingedien vir tender: 17
- Gedienste erwe ná konsolidasies: 294
- Totale aantal goedgekeurde erwe vir projek: 419

Die **Negester-landgoed Onrusrivie**r is afgehandel en die proses is begin om die Tweefonteine Ontwikkelingstrust te ontbind deur die Ontwikkelingstrust te kanselleer.

By die **Hartenbos Seefront** het die winkels goed herstel en het die afgelope Paasnaweek en Desember 2021-vakansieseisoen baie bygedra tot die mate van herstel. Die winkels wat deur die Hartenbos Seefront direksie tegemoet gekom is om afbetalingsperiodes te implementeer om agterstallige huur te betaal, het ook reeds opgevang en betalingsooreenkomste word nagekom. Die volledige herstel van hierdie mark gaan tyd neem. Die Hartenbos Seefront direksie is ook besig om die huurdermengsel te versterk deur meer langtermynhuurders te vestig. In hierdie periode is onder meer PicknPay Clothing en Let's go Bowling as huurders bygevoeg en die uitbreiding van Piza E Vino en Crazy Store gekontrakteer en afgehandel.

## VAKANSIE-OORDE

Die Suid-Afrikaanse binnelandse reismark het, sedert die industrie weer in Augustus 2020 kon handel dryf, vinniger herstel as wat verwag is. Die ATKV-oorde het dus daaruit voordeel getrek (en daarvoor is ATKV-bestuur baie dankbaar), maar baie belangrik, was die ondersteuning van die ATKV-lede.

Die aanwending van kapitaal vir opgraderings geskied aan die hand van 'n kapitaalmeesterplan wat die verdienvermoë van bates, sowel as instandhoudingsiklusse en behoeftes van gaste verdiskonteer. In die verslagtydperk is 'n bedrag van R57 miljoen aan kapitaal spandeer, bykans dubbel die voorafgaande vier jaar se gemiddelde spandering aan kapitaal.

**ATKV-Buffelspoort**

Die oord is in die verslagjaar beloon met 'n Diamant-toekenning van PMR (Professional Marketing Research), wat

*Die oord is in die verslagjaar beloon met 'n Diamant-toekenning van PMR (Professional Marketing Research), wat dit weer die nommereenoord in die Noordwes maak.*

dit weer die nommereenoord in die Noordwes maak.

Die sonkragprojek se installasie nader nou implementering. Verder is 59 rondawels opgegradeer. Die opgradering van een ablusieblok, wat 'n familie- en rolstoelvriendelike fasiliteit, asook 'n opelugstort in die bos insluit, het baie waarde toegevoeg. As deel van die groen doelwit is 'n nuwe watersuiweringsaanleg by die dam geïnstalleer.

Die ATKV het ongelukkig ook nie die misdaadrealiteite van Suid-Afrika vrygespring nie. Die ATKV-direksie, -bestuur en -personeel betoon hul innige meegevoel met die familie en vriende van mnr. Johannes Brits, wat sy lewe verloor het tydens 'n tragiese voorval op 17 Februarie 2022.

**ATKV-Drakensville** het talle groot projekte aangepak. Die tweede fase van die hindernisbaan is opgerig en teen Oktober 2021 is die hoëtoubaan voltooi. Van die ou teerpaaie op die oord het aandag geniet. Die opgraderings ondersteun die oord se strategiese fokus op skool- en avontuurgroepe.



**ATKV-Goudini Spa** se besetting het die afgelope jaar herstel na normale vlakke. Korporatiewe besigheid/ konferensiegroepe se groei of herstel in vergelyking met vorige jare is wel positief, maar herstel stadiger. Daar was 'n skerp styging in besoeke deur sosiale groepe – veral seniors en kerkgroepe het die oord goed ondersteun.

Verskeie kapitaalprojekte kon die afgelope jaar aangepak word. 'n Groot projek was die opgradering van die 18 Boland-eenhede. Nuwe kombuise en badkamers is geïnstalleer en nuwe meubels gee die eenhede 'n meer moderne gevoel.

Addisionele fondse is deur die jaar aan ATKV-Goudini Spa toegeken en die laaste 15 grasdak-rondawels is herbou. Die vervanging van die grasdakke met sinkdakke verlaag ook ATKV-Goudini Spa se brandrisiko.

**ATKV-Eiland Spa**
Addisionele kapitaal is bewillig en dit het beteken dat die oord 35 van sy 4-bed-rondawels kon opgradeer. Hierdie opgradering het ook die kwaliteit van die produkaanbod wesenlik verbeter.

Die grendeltyd het 'n groot impak gehad op die oord se instandhoudingsprogram en daar kon in die verslagjaar met broodnodige instandhouding begin word. *Maintain X*, 'n sagtewareprogram, is ook nou ten volle geïmplementeer, wat 'n positiewe impak het op die monitering van koste en die identifisering van probleemareas ten opsigte van instandhouding en vervangings.

As die afgelope finansiële jaar by **ATKV-Hartenbos** in oënskou geneem word, kyk ons met dankbaarheid terug.
Die opgraderings by Hartenbos het ingesluit die nuwe ablusiegeriewe op die immergewilde Terrein E, en 'n nuwe kegelbaan in die Skoffelskuursaal.

Met die inperkingstydperk agter die rug het die oord weer volspoed op dreef gekom en dit gaan besonder goed by **ATKV-Klein-Kariba.**

Dit is verblydend om te kan rapporteer dat besetting van die oord se akkommodasie en woonwapark weer herstel het volgens die seisoenale tendens waaraan die oord gewoond was voor die Covid-19-pandemie.

Goeie beplanning het die oord in staat gestel om te kon voortgaan met die opgradering van 10 verdere Berghuise. Die eerste fase van die woonwapark se krag- en rioolnetwerk is ook voltooi. Die agterstand in instandhoudingsprojekte as gevolg van die inperking kon ook ingehaal word.

Soos die meeste besighede, veral in die toerismebedryf, beleef **ATKV-Natalia** uitdagings om terug te keer na normale besettingsvlakke. Die onbestendigheid in KwaZulu-Natal het 'n impak op die herstel van die mark en personeel moet saam met die plaaslike veiligheidsdienste die oord sowel as die dorp beskerm.

Die heining aan die strand se kant is vervang met 'n nuwe betonreling. Die A-blok se eerste- en tweedeverdiepingwoonstelle se badkamers en kombuise is opgegradeer. Die woonstelblok se dak het ook aandag gekry met herstel- en verfwerk. ATKV-Natalia se warmswembad is 'n oop swembad wat die verwarming daarvan 'n uitdaging maak. Die kombers wat watertemperatuur reguleer is vervang en 'n rollerstelsel is geïnstalleer om die op- en afrol van die kombers te vergemaklik en sy lewensduur te verleng sowel as om energiekoste te verlaag.

## RESTAURANTE EN WINKELS

Die aanbod in die **Koswerf-restaurante** is aangepas en veral by die groot oorde is ontbyt-, middag- en aandetespyskaarte teruggebring. Spysenering vir sosiale groepe, konferensies en skole het ook stelselmatig begin volgens behoefte. Die kosaanbod word steeds bepaal van oord tot oord en hang af van die besoekers se behoeftes. Hierdie diens word uitgebrei namate die besetting van die oorde herstel.

Die produkaanbod in die **winkels** word gereeld ontleed om beskikbare produkreekse en produkaanbiedinge aan te pas en beskikbaar te stel om aan die behoeftes van besoekers aan die oorde te voldoen.

## MARKPOSISIONERING

Die ATKV se posisionering as 'n markleier kan nie onderskat word nie. Die toon wat aangegee word op taal-, kultuur- en ekonomiese vlak is onontbeerlik deel van die Suid-Afrikaanse landskap.

Die ATKV-lede en sy takke staan sentraal tot die sukses van die ATKV-groep. Die wisselwerking tussen die verskeie operasionele eenhede blyk duidelik uit die strategiese belyning van aktiwiteite.

## TEN SLOTTE

Die Verenigde Nasies het 2022 as die Jaar van Glas verklaar. Glas begin by 'n korreltjie sand, een van die oorvloedigste rou materiale op die planeet. Met die byvoeging van hitte verander glas van 'n korreltjie sand in 'n houer vir vloeistof, maar ook in 'n teleskooplens wat jou in staat stel om die oerknal waar te neem – 'n blik op die verlede, hede en toekoms wat jou belig en rigting bepaal. Volhoubaar, veerkragtig en veelsydig. 'n Eenvoudige begin met 'n verstommende aanwending. Ten volle herwinbaar, broos en terselfdertyd robuus.

Mag u toekomsblik glashelder wees, en mag dit u betrokkenheid by die ATKV insluit!

*Me. Sonél Brits*
**BESTURENDE DIREKTEUR: ATKV-MSW**
**9 JUNIE 2022**

*Mnr. Schalk Cilliers*
**BESTURENDE DIREKTEUR: ATKV-SAKE**
**9 JUNIE 2022**





# KORPORATIEWE **BESTUURSVERSLAG**

# *Mnr. Johan Schoeman*

## *Verslag vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022*

Gedurende die verslagperiode is begin met 'n nuwe fase wat korporatiewe bestuur in die ATKV betref. Met die oog op 'n verdere beweging na uiteindelike geïntegreerde verslagdoening aan die algemene jaarvergadering deur die ATKV-groep, is verslagformate aan die onderskeie direksies en/of direksiekomitees aangepas en word daar stelselmatig 'n groter mate van belyning tussen verslagdoening en die ATKV-groepstrategie bewerkstellig.

Aandag is spesifiek gegee aan die hersiening van die onderskeie strategieë en beplanning is gedoen vir 'n verdere eksterne omgewingsverkenning wat die speelveld van die ATKV betref.

## DIE MAATSKAPPYWET EN KING IV-VERSLAG OOR KORPORATIEWE BESTUUR™

Die maatskappy se Akte van Oprigting (AVO) maak voorsiening vir die nakoming van korporatiewebestuursbeginsels soos vervat in die Maatskappywet van Suid-Afrika (Wet 71 van 2008) ["die Wet"].

Die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur™ vorm steeds die beginselgrondslag waarop die ATKV se korporatiewe bestuur berus. Riglyne soos vervat in toepaslike beste praktyke en die Wet word nagevolg, waar hierdie maatstawwe toepaslik en deur die onderskeie direksies aanvaar is.

## VERKIESING VAN VOORSITTER EN VISEVOORSITTER

Na afloop van die 2021- algemene jaarvergadering (AJV), is dr. Marlene le Roux as voorsitter en mnr. Dirk Lotter as visevoorsitter deur die direksie verkies.

## DIREKSIEREGLEMENT

Die direksie het 'n reglement aanvaar wat formeel die funksionering en evaluasie van die direksie reguleer, spesifiek met verwysing na pligte, funksies, samestelling en ampstermyne.

## ATKV-REGLEMENTE EN AKTE VAN OPRIGTING (AVO)

Toepaslike wetgewing bepaal dat die direksie van 'n maatskappy reglemente of reëls kan maak ten einde gesonde korporatiewe bestuur in die maatskappy te bevorder.

Voorts bepaal die Wet dat hierdie reglemente of reëls aan die lede van die maatskappy bekend gemaak word en gedurende 'n algemene jaarvergadering bekragtig word. Verskeie reglemente is hersien en word op 20 Julie 2022 aan die AJV vir bekragtiging voorgelê.

## ATKV-WAARDES, DIE STRATEGIEPROSES EN ATKV-STRUKTUUR

Die ATKV se groepstrategie is gedurende die verslagjaar in 'n nuwe rapporteringsraamwerk verpak. 'n Operasionalisering van dié ATKV-groepstrategie binne ATKV-afdelings en -entiteite het ook gedurende die verslagtydperk begin aandag ontvang.

Die ATKV-groepstruktuur soos dit tans daar uitsien word aangedui in Bylaag A op bladsy 23.

## SAMESTELLING VAN DIE ATKV-MSW-DIREKSIE

Die samestelling van die direksie bestaan uit: ses (6) verkose nie-uitvoerende direkteure, twee (2) gekoöpteerde nie-uitvoerende direkteure en twee (2) uitvoerende direkteure.

**SAMESTELLING**: Die direksie bestaan uit die volgende nie-uitvoerende direkteure, naamlik dr. Marlene le Roux (voorsitter), mnr. Dirk Lotter (visevoorsitter), me. Charmel Flemming GR(SA), mnr. Pieter Geldenhuys, mnr. Brendan Paulse GR(SA), prof. Susan Smith, prof. Deon Rossouw en prof. Marius Ungerer.
Die volgende persone is uitvoerende direkteure: me. Sonél Brits is die besturende direkteur: ATKV-MSW en mnr. Tommy Truscott GR(SA) is die finansiële direkteur van die ATKV-groep. Die direksie bestaan dus uit 'n meerderheid van nie-uitvoerende direkteure.



Die rolle van die voorsitter en die besturende direkteur van die direksie is geskei en die voorsitter word op 'n jaarlikse grondslag uit die geledere van die uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure verkies. Die samestelling van die direksie verskyn op bladsy 7 in die jaarverslag.

## ROL EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE DIREKSIE

Die Wet bepaal in artikel 66 dat die direksie verantwoordelik is vir die strategie, bedryf en funksionering van die maatskappy. Die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur™ stel spesifieke riglyne vir die funksionering van direksies en direksiekomitees en die ATKV onderskryf dit.

'n Aantal direksiekomitees is deur die direksie in navolging van die bepalings van die Wet, sowel as die beginsels van die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur™ daargestel om die direksie in die uitvoering van hul pligte by te staan. Die direksiekomitees funksioneer as ATKV-groepkomitees.

Die samestelling en hooffunksies van die direksiekomitees word hieronder uiteengesit. Die werksaamhede van die direksiekomitees, soos georden deur die onderskeie reglemente en delegasies, word deurlopend aan die direksie gerapporteer en gemonitor deur middel van notules en terugvoer deur die voorsitters van die komitees aan die direksie.

Die vaardigheid en kennis van individuele direksielede word deurlopend deur toepaslike opleiding ontwikkel na gelang van behoefte en/of versoek.

Vir die periode van die verslagjaar lyk die onderskeie direksiekomitees wat samestelling betref soos volg:

- **ATKV-GROEP: OUDITKOMITEE**
  **Doel en hooffunksies:** Die oorhoofse oogmerke van die ouditkomitee is om die direkteure by te staan in die uitvoering van hul pligte, naamlik om 'n oorsigrol te vervul en te verseker dat die bates van die ATKV-groep beskerm is; dat doeltreffende interne beheerstelsels en meganismes geïmplementeer is; dat bestepraktyk- korporatiewe beheerstandaarde en die risikobestuursbeleid, asook prosesse en praktyke, geïmplementeer is; en dat akkurate finansiële verslagdoening en finansiële state ter nakoming van alle toepaslike wetgewing en rekeningkundige praktykvoorskrifte daargestel word. Drie (3) lede van die ouditkomitee is geoktrooieerde rekenmeesters.
  **Samestelling**: Die ouditkomitee het bestaan uit vier (4) nie-uitvoerende direkteure, naamlik me. Charmel Flemming GR(SA) (voorsitter), mnr. Brendan Paulse GR(SA), mnr. Marius Schoeman GR(SA) (aangestel 16 September 2021) en prof. Marius Ungerer. Dr. Marlene le Roux woon die vergaderings van die sosiaal-en-etiekkomitee ex officio as voorsitter van die ATKV-MSW-direksie by.

- **ATKV-GROEP: SOSIAAL-EN-ETIEKKOMITEE (SEK)**
  **Doel en hooffunksies**: Die oorhoofse oogmerke van die sosiaal-en-etiekkomitee is om 'n oorsigrol te vervul om te verseker dat die ATKV-groep sy sosiale verantwoordelikhede ten opsigte van die mark, die werksplek, en die natuurlike en die sosiale omgewing nakom.
  
  **Samestelling**: Die komitee het bestaan uit drie (3) nie-uitvoerende direkteure naamlik prof. Deon Rossouw (voorsitter), prof. Elmarie Slabbert en prof. Susan Smith. Dr. Marlene le Roux woon die vergaderings van die sosiaal-en-etiekkomitee ex officio as voorsitter van die ATKV-MSW-direksie by.

- **ATKV-GROEP: VERGOEDINGS-EN-MENSEHULPBRONKOMITEE**
  **Doel en hooffunksies:** Die oorhoofse oogmerke van die vergoeding-en-mensehulpbronkomitee is om 'n oorsigrol te vervul sodat mensehulpbron- en vergoedingstrategieë, wat verseker dat die toepaslike vaardighede gewerf, uitgebou, behou en vergoed word, ter ondersteuning en realisering van die ATKV-groep se oorhoofse strategieë in plek is.

Die komitee verseker verder dat 'n vergoedingsbeleid en 'n toepaslike prestasieskema daargestel word.

**Samestelling:** Die komitee het bestaan uit drie (3) nie-uitvoerende direkteure naamlik prof. Marius Ungerer as voorsitter, mnr. Dirk Lotter en mnr. Christo van der Rheede. Dr. Marlene le Roux woon die vergaderings van die vergoedingskomitee ex officio as voorsitter van die ATKV-MSW-direksie by.

- **ATKV-MSW: DAGBESTUUR**
  **Doel en hooffunksies:** Die doel van die dagbestuur is om dringende direksie-aangeleenthede te behartig, wat op grond van wesenlikheid of die invloed daarvan op die maatskappy nie tot 'n daaropvolgende direksievergadering kan oorstaan nie, asook wanneer die sake buite die bevoegdhede van die besturende direkteur val. Die dagbestuur behartig ook spesifieke sake wat deur die direksie na hom verwys word.

  **Samestelling:** Die komitee het bestaan uit vyf (5) nie-uitvoerende en een (1) uitvoerende direkteur, naamlik dr. Marlene le Roux (voorsitter van die direksie), mnr. Dirk Lotter (visevoorsitter van die direksie), prof. Marius Ungerer (voorsitter van die vergoedings-en-mensehulpbronkomitee), me. Charmel Flemming GR(SA) (voorsitter van die ouditkomitee), prof. Deon Rossouw (voorsitter van die sosiaal-en-etiekkomitee) en me. Sonél Brits (besturende direkteur: ATKV-MSW).

## ATKV-SAKE- EN FILIAALDIREKSIES

- **ATKV-SAKE-DIREKSIE**
  **Samestelling:** Die direksie bestaan uit die volgende nie-uitvoerende direkteure, naamlik mnr. Dirk Lotter (voorsitter), mnr. Pieter Geldenhuys, prof. Elmarie Slabbert, mnr. Marius Schoeman GR(SA), en mnr. Christo van der Rheede. Mnr. Schalk Cilliers is die besturende direkteur: ATKV-Sake. Die direksie bestaan dus uit 'n meerderheid van nie-uitvoerende direkteure, soos aangestel deur die ATKV-MSW-direksie.

  Die direksies van die filiale van ATKV-Sake RF (Edms) Bpk. word na afloop van die algemene jaarvergadering opnuut saamgestel.

- **ATKV-SAKE: DAGBESTUUR**
  **Doel en hooffunksies:** Die doel van ATKV-Sake se dagbestuur is om dringende direksie-aangeleenthede te behartig wat op grond van wesenlikheid of die invloed daarvan op die maatskappy nie tot 'n daaropvolgende sake-direksievergadering kan oorstaan nie, asook wanneer die sake buite die bevoegdhede van die besturende direkteur val. Die dagbestuur behartig spesifieke sake wat deur die direksie na hom verwys word.

  **Samestelling:** Die komitee het bestaan uit twee (2) nie-uitvoerende en een (1) uitvoerende direkteur, naamlik mnr. Dirk Lotter (voorsitter), mnr. Christo van der Rheede en mnr. Schalk Cilliers (besturende direkteur: ATKV-Sake).

- **FILIALE EN GESAMENTLIK-BEHEERDE ONDERNEMINGS**
  Die ATKV-groep bestaan uit verskeie direkte en indirekte filiale, asook beleggings in gesamentlik-beheerde ondernemings. Besonderhede daarvan verskyn op bladsy 25 van die jaarverslag.

## UITVOERENDE KOMITEE

Die uitvoerende komitee (UK) van die ATKV-MSW bestaan uit die besturende direkteur van die ATKV-MSW, die besturende direkteur van ATKV-Sake, die uitvoerende direkteur: finansies (ATKV-groep) en die maatskappysekretaris. Die UK vergader maandeliks. Addisionele lede kan op uitnodiging die vergadering bywoon.

Die maatskappysekretaris oorsien korporatiewe bestuursprosesse en vervul gevolglik die rol van sameroeper van die direksie en direksiekomitees. Hy/sy koördineer, in oorleg met die direksie, die oriëntering, opleiding en beplanning van die direksie en direksiekomitees se werksaamhede.


new balance

Die getal vergaderings gedurende die verslagjaar en die bywoning van elke direkteur word in Bylaag A op bladsy 23 weergegee.

## FINALITEIT: LAPA UITGEWERS

Die afhandeling van prosedures rakende die verkooptransaksie van LAPA Uitgewers nader gedurende hierdie verslagjaar sy einde. Besonderhede hiervan word in die finansiële state as deel van hierdie bundel vervat.

## BELANGEREGISTER

Die algemene geskrewe kennisgewing deur direkteure rakende belange in kontrakte en ampte wat beklee word, hetsy direk of indirek, in terme van artikel 75 van die Wet, verval aan die einde van die finansiële jaar. Elke jaar word alle direkteure versoek om hul belange buite die maatskappy te verklaar.

Kortliks verlang die Wet dat alle direkteure en amptenare van 'n maatskappy hul belange skriftelik sal verklaar in enige kontrakte wat met die maatskappy aangegaan word.

Die vertroulikheidsverklarings en die ondertekening daarvan deur direkteure en ander belanghebbendes/personeel, soos en waar van toepassing, is hersien.

Hierdie dokumente sal in 'n register in die maatskappysekretaris se kantoor aangeteken word en die ouditeure van die maatskappy sal hulself vergewis dat die register soos deur die Wet verlang, bygehou word en dat besonderhede in die notules van die betrokke vergaderings opgeneem is.

## BESOLDIGING VAN UITVOERENDE EN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

Die besoldiging van die uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure word deur die direksie ooreenkomstig die vergoedingsbeleid, sowel as bestepraktykstandaarde, vasgestel. Die besonderhede van die besoldiging word in die finansiële state op bladsy xxx uiteengesit.

## PERSONEELONTWIKKELING EN -VERGOEDING

Die direksie, saam met bestuur, verseker dat maatskappybeleid voorsiening maak:

- om billike en regverdige vergoeding te verseker en prestasie te beloon;
- om diskriminasie te verhoed;
- om die ras- en geslagsverspreiding in personeelgeledere te verbeter; en
- om die maatskappy se belange te beskerm.

Gedurende die verslagperiode het die mensehulpbronbestuurafdeling spesifiek aandag gegee aan die volgende:

- Die loods van aksies vir die hersiening van posomskrywings, pligstate en die prestasie-evalueringsproses binne die ATKV-groep;
- Fasilitering van 'n leefstylaanpassing- en *ex gratia*-betaling aan werknemers;
- 'n Funksiesuiwering is op direksievlak gedoen om die mandate van die sosiaal-en-etiekkomitee en dié van die mensehulpbron-en-vergoedingskomitee te hersien en te belyn;
- Gesprekke rondom opvolgbeplanning;
- Beplanning vir die hersiening van die organisasie-ontwikkelingsplan;
- Arbeidsverhoudinge regdeur die ATKV-groep;
- Die effek van die Covid-19-afleggings op talentpoele en die verlies aan intellektuele kapitaal;
- Voorbereidingswerk vir die loods van 'n welstandsprogram binne die ATKV-groep.

## DELEGASIE VAN MAGTE

Die raamwerk vir die delegasie van magte en besluitnemingsbevoegdhede word deur 'n goedgekeurde beleid gereël. Die raamwerk vir die delegasie van magte word hersien soos en wanneer struktuuraanpassings dit noodsaak.

## INTERNE BEHEERSTELSELS

Die direksies/direkteure aanvaar finale verantwoordelikheid vir die interne beheerstelsels van die organisasie. Die uitvoerende bestuur verseker dat toepaslike wetgewing en regulasies nagekom word en dat toereikende beheerstelsels ontwikkel en gehandhaaf word ten einde redelike sekerheid te bied betreffende die integriteit en betroubaarheid van die finansiële jaarstate, die beveiliging van die bates van die maatskappy en die doeltreffende bestuur van strategiese en operasionele risiko's. Die aanstelling van 'n interne ouditeur was gedurende die verslagperiode in proses om gefinaliseer te word. 'n Nakomingsfunksie ondersteun die direksie en bestuur om interne beheer te verskerp.

Die ouditkomitee het die maatskappy se interne beheerstelsels beoordeel, gegrond op die inligting en toeligting van bestuur, sowel as interne en eksterne oudit. Gegrond op dié beoordeling is die direksie van mening dat die interne beheerstelsels vir finansiële verslagdoening, die bedryf van die maatskappy en die beveiliging van bates aan aanvaarbare maatstawwe voldoen.

## REGULERENDE OMGEWING

Beginsels en riglyne soos vervat in die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur™, die toepaslike VN-riglyne, die Etiekinstituut en professionele liggame wat betref finansiële bestuur, nakoming en oudit, word deur die ATKV ondersteun en geïmplementeer. Die ATKV is belyn wat nakoming van alle veranderende regulasies rakende die bestuur van die Covid-19-pandemie betref.

BDO Suid-Afrika (Ingelyf) het gedurende die verslagperiode voortgegaan om op te tree as die eksterne ouditeure van die ATKV-groep.

## RISIKOBESTUUR

Gedurende die verslagperiode is voorbereidingswerk vir interne risikobestuursopleiding gedoen. Hierdie opleiding het ten doel om die operasionele risikobestuursproses, veral wat betref die hersiening van die operasionele risikoregisters van die onderskeie afdelings en sake-entiteite, te hersien.

Op strategiese vlak was voortsetting-, volhoubaarheid-, en posisioneringsrisiko's die belangrikste aanduiders van die risiko-omgewing van die ATKV-groep. Spesifieke tendense rondom die psigiese effek van die Covid-19-pandemie op lede en werknemers, toenemende algemene ekonomiese druk en die stygende relevansie van omgewingsrisiko's is uitgelig en bespreek.

## ETIEKBESTUUR

Die sosiaal-en-etiekkomitee hanteer, in lyn met die reglemente, hierdie aspek binne die ATKV. Jaarlikse lidmaatskap van die Etiekinstituut van SA is gedurende die verslagperiode hernu.

Spesifieke aksies wat betref etiekbestuur is onderneem. Hierdie aspekte het gewentel rondom die daarstel van 'n etiek- jaar- en rapporteringsplan, asook etiekopleiding. Gesprekke vir die daarstel van 'n groep-etiekstrategie het begin en beplanning vir die hervatting van formele etiekopleiding is gedoen.

Geen voorvalle is gedurende die verslagperiode gerapporteer via die ATKV se fluitjieblaas-meganisme nie. Die bewusmaking oor en bespreking van die fluitjieblaasmeganisme, as 'n aanbod via 'n eksterne, onafhanklike en geakkrediteerde diensverskaffer, word beplan om deel te vorm van die interne opleiding rondom operasionalisering van risiko- en etiekbestuur in die ATKV-groep.

## SOSIAALMAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Die ATKV se taal-, kuns-, en kultuurprojekte het die afgelope jaar nie net daarin geslaag om te oorleef en te groei nie, maar ook om dit te onderskei as 'n brugbouer – nie net onder die verskeidenheid Afrikaanssprekendes wat lede is van die ATKV nie, maar ook diegene wat deelneem aan ons taal- en kultuuraktiwiteite, wat ook sprekers van ander tale en mense uit ander kultuurgroepe insluit. Die fokus in gemeenskappe gedurende die verslagjaar was veral op leesbevordering in al sy fasette, mentorskap in die kunste en die aanbied van gesprekke rondom



# *Die ATKV het gedurende die verslag-periode sy betrokkenheid by verskeie aspekte van die onderwys voortgesit.*

kontemporêre aangeleenthede. Skenkings en borgskappe is, ná oorweging, gedoen aan vennote/ belanghebbendes binne die fokusse soos hierbo na verwys.

Dit is aangenaam om te kan rapporteer dat die ATKV gedurende die verslagjaar, ongeag baie uitdagende omstandighede, oorleef het en boonop sy voetspoor uitgebrei het deur 'n verskeidenheid projekte aanlyn aan te bied. 'n Onverwagse bonus wat regstreeks uit die digitalisering spruit, is dat ATKV-aktiwiteite nou vir die eerste keer toeganklik is vir diegene wat oorsee woon.

Die ATKV toon in die verslagperiode ook groei op sosiale media, en hierdie medium is benut om veral vir ATKV-takke 'n plek te skep waar hulle toenemend betrokke kan raak as 'n aanlyn gemeenskap.

Die ATKV het gedurende die verslagperiode sy betrokkenheid by verskeie aspekte van die onderwys voortgesit. Skakeling met onderwysinstansies en organisasies in

die burgerlike samelewing is behou, terwyl sowel die Kopskuif- en AbbAsorg-programme aktief gebly het in gemeenskappe waar daar behoeftes geïdentifiseer is.

Die ATKV se Kopskuifprogram is uniek in die aanpak daarvan en maak 'n wesenlike impak in skole waar dit aangebied word aangesien dit vir die hele skoolgemeenskap volgens behoefte voorsiening maak. Die Kopskuifprogram word vir hoër- en laerskole in Afrikaans sowel as Engels aangebied. Die program het ook in die verslagperiode daadwerklik bygedra tot die uitbreiding van die ATKV se strategiese vennootskapsvoetspoor.

Gedurende die verslagperiode was die uitkomste van die AbbAsorg-program wyer sigbaar as bloot die intervensies met kinders. Vroue in dié gemeenskappe is ook bemagtig (ook ekonomies) deur betrokkenheid by die program.

## INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Gedurende die verslagperiode is voortgegaan met die uitvoer van die goedgekeurde IT-strategie, veral wat regstelling van foute in die nuwe ledekommunikasiestelsel, uitbreiding van funksionele vermoëns van die netwerk en die aanspreek van spesifieke gebruikersbehoeftes betref. Daar is gedurende die verslagperiode aandag gegee aan die opgradering van stelsels om ook verbeterde hibriede werksmetodes te kan akkommodeer. 'n IT-strategie is opgestel en operasionele metodologieë is, waar toepaslik, hersien.

Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, algemeen bekend as POPI-wetgewing, word nagekom in die hantering van inligtingsversoeke en by skakeling met die publiek en/of belanghebbendes.

## KOMMUNIKASIE MET LEDE EN VENNOTE

Daar is gedurende die verslagperiode 'n kliëntgedrewe strategie gevolg wat op drie pilare berus:

- Behoeftes van die kliënt;
- Vennootskappe; en
- Takke as verspreidingskanaal.

Ondersteunend tot bogenoemde is werwing-, retensie- en kwaliteitsbeheerstelsels in plek gestel. Verbeterde ledevoordele deur eksterne diensverskaffers nader afhandeling. Daar is gekonsentreer op die verbetering van diensvlakke, die daarstel van selfhelp-funksionaliteite vir gebruikers en die verdere bedinging van ledevoordele.

Wat takke betref, is gedurende die verslagperiode veral op die gemeenskapsfokus gekonsentreer deur middel van die Seed2Harvest-projek. *Taalgenoot* word ook nou deur die ATKV-taknetwerk versprei. Takke het gedurende die verslagperiode verder spesifiek gefokus op:

- Ondersteuning aan gesinne wat oor die algemeen behoeftig is;
- Sosiaal-maatskaplike uitdagings in die gemeenskap;
- Onderwyser- en leerderondersteuning, insluitend ondersteuning aan matrikulante;
- Hulp aan ouers van leerders wat as gevolg van die inperkings nie fisieke klastyd gehad het nie; en
- Vennootskappe/skenking van boeke/mentorskapaksies.

Daar is deurlopend gefokus op die behoeftes van kliënte en ander belanghebbendes, binne die ATKV se kapasiteitsvermoë, wat betref die organisasie se kommunikasiebenadering. Dit het gegeld wat betref die tradisionele elektroniese media sowel as verskillende toepassings van die sosiale media.

Lidmaatskap en/of ondersteuning van onder andere die Voortrekkermonument, die Erfenisstigting, die Afrikaanse Taalraad, die Virtuele Instituut vir Afrikaans (ViVA) en die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns is in die verslagjaar voortgesit.

## NATUURLIKE OMGEWINGSBESTUUR EN GESONDHEID

Gesondheid en veiligheid word deur die interne veiligheidskomitee, die bestuurder: nakoming en voldoening en die mensehulpbronafdeling gesamentlik hanteer. Daar was geen ernstige voorvalle gedurende die verslagperiode nie.

Die installering van sonkrag by ATKV-Buffelspoort en die ATKV-hoofkantoor het gedurende die verslagperiode beslag gekry. Hierdie aanvanklike installerings sal gemonitor word met die oog op beplanning vir die verdere uitrol van hierdie projekte binne die ATKV.

Spesifieke groen aksies waarop die ATKV-groep in die verslagperiode gefokus het, is:

- Elektrisiteitsverbruik;
- Waterherwinning en -hergebruik;
- Aanplant van inheemse bome;
- Herwinning van vullis en herbruikbare materiaal en koppeling daarvan met gemeenskapsprojekte, veral gemeenskapshulp;
- Opleiding vir personeel en kliënte; asook
- Spesifieke aandag aan die bepalings van die Koolstofbelastingwet van 2019.

Versekeringsprosesse word bestuur om:

- Nakoming van wetgewing te verseker;
- Kostedoeltreffendheid aan te spreek; en
- Evaluasies te doen soos nodig en soos versoek.

## ATKV-EEUFEESVIERING

Daar is gedurende die verslagperiode gesprekke gehou met potensiële medewerkers om stelselmatig 'n projekspan/metodologie op die been te bring met die oog op die honderdjarige vieringe van die ATKV in 2030.

## ATKV-SAKE

Die Covid-19-pandemie verteenwoordig 'n waterskeidingsoomblik vir besighede, insluitend die gasvryheidsektor in Suid-Afrika. Die fokus gedurende die verslagperiode was om besetting van akkommodasie, ondersteuning van befondsingsprojekte en operasionele behoud van oordbates te verseker. Die eiendoms- en kleinhandelmarkte, en daarom ook die ATKV se aftreebehuisingsprojekte en verkope, is negatief hierdeur geraak. Bemarking gaan voort, maar daar word realisties gekyk na die moontlike opbrengste wat realiseerbaar is. Die voordele van tegnologie word benut, veral wat betref die daarstel van aanlyn besprekings en draadlose internettoegang. Soos vir die ATKV-MSW, word gepoog om 'n fyn balans te verkry tussen belangrike sigbaarheid in die mark en noodsaaklike aksies vir volhoubaarheid en besigheidsvoortsetting.

Die verantwoordelike bestuur van natuurlike hulpbronne, skenkings aan gemeenskappe, die kostelose beskikbaarstelling van fasiliteite en die bou van verhoudings met vennote in plaaslike gemeenskappe vorm die basis van ATKV-Sake se sosiale-verantwoordelikheidsnakoming.

Die vennootskapsbenadering wat hiermee gevolg word, bou aan die betrokke gemeenskappe en die ATKV se strategiese vennootskaps- en verhoudingsbasis, en is as sodanig 'n kerninisiatief van die organisasiestrategie. Hierdie betrokkenheid het in praktyk die vorm aangeneem van skenkings van akkommodasie, toerusting, klerasie, persoonlike hulpmiddels en voedsel, asook aankoopbewyse. Meer besonderhede oor die onderskeie besigheidsentiteite onder ATKV-Sake se bestuur is vervat in die betrokke ATKV-sakeverslagdoening, apart of as deel van ander verslae, ingesluit in hierdie AJV-bundel.

Gedurende die verslagjaar is ook begin om verder uitvoering te gee aan die herstrukturering van die ATKV deur al die oordbates in een maatskappy te begin vestig.

## LOPENDESAAKVERKLARING

Bestuur het 'n gedetailleerde evaluering op die lopende saak uitgevoer, wat 'n oorsig van die 2023- finansiële jaar se bedryfs- en kontantvloeibegroting ingesluit het, en tot die gevolgtrekking gekom dat die groep en maatskappy in 'n posisie sal wees om sy laste te delg soos wat dit in die volgende 12 maande betaalbaar word. Die items wat oorweeg is, sluit in:

- die bedryfsbegroting toon 'n wins voor belasting;
- positiewe kontantvloei vanuit bedrywighede is vasgestel vanuit die gedetailleerde evaluering van kontantvloei-vooruitskattings en word verwag om finansiële aanspreeklikhede te delg soos dit betaalbaar raak;
- daar bestaan kruiswaarborge tussen die entiteite in die groep en surpluskontant vanuit alle filiale word oorgeplaas na die houermaatskappy

*Die verantwoordelike bestuur van natuurlike hulpbronne, skenkings aan gemeenskappe, die kostelose beskikbaarstelling van fasiliteite en die bou van verhoudings met vennote in plaaslike gemeenskappe vorm die basis van ATKV-Sake se sosiale-verantwoordelikheids-nakoming.*

om te bestuur en aan te wend waar nodig;

- die doelwit van die sentrale bestuur van die entiteite se kontantposisies is om te verseker dat die groep sy korttermynverpligtinge sal kan nakom deur die doeltreffende bestuur van kontant en oortrokke fasiliteite;
- beskikbare oortrokke fasiliteite wat nog nie opgeneem was op 30 April 2022 nie beloop R57,8 miljoen;
- die likiditeitsposisie word negatief beïnvloed deur die vooruitontvangde inkomste waaraan 'n baie klein risiko vir terugbetaling gekoppel word. 'n Gedetailleerde sensitiwiteitsanalise voorberei deur bestuur dui aan dat slegs 'n onwaarskynlike vlak van terugbetalings 'n negatiewe impak op die maatskappy se lopendesaakbeginsel sal hê.

Met die bogenoemde feite in ag geneem, glo die direkteure dat die houermaatskappy en sy filiale as 'n lopende saak sal voortbestaan in die jaar wat voorlê en dat hulle die lopendesaakgrondslag in die opstelling van die finansiële state sal volg.

Ooreenkomstig is die finansiële state opgestel in ooreenstemming met rekenkundige beleid wat op 'n lopendesaakgrondslag gegrond is. Dié grondslag veronderstel dat daar fondse sal wees om toekomstige bedrywighede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van laste, voorwaardelike aanspreeklikhede en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

Die groep toon 'n totale omvattende wins van R38,5 miljoen (2021: verlies R11,2 miljoen) en die groep se totale bedryfslaste oorskry sy totale bedryfsbates met R41,2 miljoen (2021: R31,4 miljoen) as gevolg van die hoë vooruitontvangde inkomste wat die groep hou uit die aard van sy bedrywighede.

Die maatskappy toon 'n totale omvattende wins van R59,2 miljoen (2021: verlies R13,1 miljoen) en die maatskappy se totale bedryfslaste oorskry sy totale bedryfsbates met R27,9 miljoen (2021: R68,2 miljoen) as gevolg van die lenings vanaf filiaalmaatskappye wat ontstaan het weens die sentrale kontantbestuur wat in die groep plaasvind en wat ingesluit is in bedryfslaste.

*Mnr. Johan Schoeman*
**MAATSKAPPYSEKRETARIS**
**9 JUNIE 2022**

# *Bylaag A*

## BYWONING VAN VERGADERINGS: 1 MAART 2021 TOT 28 FEBRUARIE 2022

### ATKV-MSW & ATKV-SAKE

| | ATKV-MSW DIREKSIE | MSW/ SAKE DIREKSIE WERKSESSIE | MSW-DIREKSIE STRATEGIE | OUDIT KOMITEE | SOSIAAL-EN-ETIEK KOMITEE | VERGOEDINGS-EN-MENSEHULPBRON KOMITEE | ATKV-SAKE DIREKSIE | SAKE-DIREKSIE STRATEGIE | HBSF-DIREKSIE | MST DIREKSIE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANTAL VERGADERINGS GEHOU** | **5** | **1** | **1** | **4** | **3** | **1** | **4** | **1** | **4** | **4** |
| Mnr. SW Cilliers* | 5 | 1 | 1 | 3 | 3 | 1 | 4 | 1 | 4 | 4 |
| Me. CD Flemming (2) | 5 | 1 | 1 | 4 | | | | | | |
| Mnr. PA Geldenhuys | 5 | - | 1 | | | | 4 | 1 | | |
| Dr. AJ Kruger | | | | | | | | | | 3 |
| Dr. MF le Roux | 5 | 1 | 1 | 3 | 2 | | | | | |
| Mnr. DW Lotter | 5 | 1 | 1 | | | 1 | 4 | 1 | 4 | 4 |
| Mnr. BR Paulse | 5 | 1 | 1 | 4 | | | | | | |
| Dr. RC Pelser | | | | | 1 | | 1 | | | |
| Mnr. MH Pretorius (5) | | | | | | | | | | |
| Mnr. A Redelinghuis | | | | 1 | | | 1 | | | |
| Prof. GJ Rossouw (1) | 4 | 1 | 1 | | 2 | | | | | |
| Mnr. JC Schoeman (7) | 5 | 1 | 1 | 4 | 3 | 1 | 4 | - | 4 | 4 |
| Mnr. M Schoeman (3) | | 1 | | 2 | | | 2 | 1 | | |
| Me. E Slabbert (3) | | 1 | | | 1 | | 2 | 1 | | |
| Prof. SC Smith | 5 | 1 | 1 | | 3 | | | | | |
| Mnr. HH Strauss (4) | 1 | | | | 1 | | | | | |
| Mnr. TJ Truscott* | 5 | 1 | 1 | 4 | 3 | 1 | 4 | 1 | | |
| Prof. M Ungerer | 4 | 1 | 1 | 4 | | 1 | | | | |
| Mnr. CF van Niekerk (6) | | | | | | | | | 4 | |
| Me. DS van der Breggen (Brits)* | 5 | 1 | 1 | 4 | 3 | 1 | 4 | 1 | 2 | 2 |
| Mnr. CO van der Rheede | | 1 | | | | 1 | 4 | 1 | | |

**Neem kennis dat inligting hier langsaan van toepassing is op die 2021-'22- finansiële jaar.**


1. Die verkose nie-uitvoerende direkteure is by die ATKV se algemene jaarvergadering (AJV) op 14 Julie 2021 aangestel.
2. Die gekoöpteerde nie-uitvoerende direkteur is na afloop van die AJV deur die direksie aangestel.
3. ATKV-Sake se nie-uitvoerende direkteure is op 16 September 2021 deur die ATKV-MSW-direksie aangestel.
4. Die nie-uitvoerende direkteur het op 14 Julie 2021 bedank.
5. Die vennoot (direkteur) het op 1 Maart 2021 bedank.
6. Die vennoot (direkteur) is op 1 Maart 2021 aangestel.
7. Maatskappysekretaris

*Uitvoerende direkteure


Kariba

# *Bylaag B*

## GROEPSTRUKTUUR





# VERSLAG VAN DIE **OUDITKOMITEE**

## *Me. Charmel Flemming*

Die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, asook die ter sake King IV-beginsels, bepaal dat die ouditkomitee die nodige oorsigfunksies verrig en moet verseker dat die maatskappy effektiewe risikobestuur- en interne beheerstelsels handhaaf.

### LIDMAATSKAP

Die komitee is op 14 Julie deur die algemene jaarvergadering (AJV) aangestel.

Samestelling: Die ouditkomitee het bestaan uit vier (4) nie-uitvoerende direkteure, naamlik me. Charmel Flemming GR(SA) (voorsitter), mnre. Marius Schoeman GR(SA) en Brendan Paulse GR(SA), en prof. Marius Ungerer. Dr. Marlene le Roux het die vergaderings van die ouditkomitee as voorsitter van die ATKV-MSW-direksie bygewoon.

### EKSTERNE OUDIT

Die komitee is tevrede dat die ATKV-groep se eksterne ouditeur, BDO, onafhanklik van die ATKV-groep is en dus geskik is om sy ouditfunksies sonder beïnvloeding te verrig. Die aangewese eksterne ouditvennoot roteer elke vyf (5) jaar.

In die jaar onder oorsig is alle nie-ouditdienste deur die komitee goedgekeur. Die komitee het in konsultasie met die uitvoerende bestuur ooreengestem oor die bepalings van die verbintenis, ouditplan en begrote fooie vir die 2022-finansiële jaar. Die ouditfooi vir eksterne oudit is oorweeg en goedgekeur met inagneming van faktore soos die tydsbestek, aard en omvang van die oudit soos vereis.

Die komitee beveel aan dat die algemene jaarvergadering die aanstelling van BDO as die onafhanklike eksterne ouditeure en mnr. T Jansen van Vuuren as die aangewese ouditvennoot vir die volgende verslagjaar goedkeur.

Die ouditverslag is beskikbaar op bl. 43 van hierdie jaarverslag.

### INTERNE OUDIT

Die komitee en bestuur werk daaraan om die maatskappy se interne ouditafdeling in 'n doeltreffende en

onafhanklike beoordelingsfunksie te omskep en daar was bevredigende vordering in die jaar onder oorsig.

Vir die 2023-finansiële jaar het die komitee die interne ouditshandves oorweeg en vir goedkeuring deur die direksie aanbeveel. Die komitee het ook die interne oudit-kwaliteitsgerusstellingsplan beoordeel en is tevrede dat die interne ouditfunksie aan 'n erkende bedryfsetiese kode sal voldoen.

## INTERNE FINANSIËLE BEHEER- EN REKENINGKUNDIGE STELSELS

Die komitee is verantwoordelik vir die beoordeling van die interne finansiële beheer- en rekeningkundige stelsels van die ATKV-groep. In hierdie verband het die komitee inligting oorweeg wat deur bestuur verskaf is en samesprekings met die eksterne ouditeur gevoer oor die resultate van die oudit. Die komitee is van mening dat die interne finansiële beheerstelsels doeltreffend is (met kennisname van onreëlmatige uitbetalings wat tans forensies ondersoek word) en die grondslag vir die voorbereiding van betroubare finansiële state vorm.

## RISIKO- EN GELEENTHEIDSBESTUUR

Die ouditkomitee funksioneer ook as die ATKV-groep se risikokomitee en is verantwoordelik vir die organisasie se risiko- en geleentheidsbestuur.

Strategiese risikoregisters bestaan vir die ATKV-groep. Die ouditkomitee kan bevestig dat die risiko's op 'n deurlopende basis bespreek en deur die onderskeie direksies oorweeg word.

## NAKOMING

Die komitee is verantwoordelik vir die nagaan van enige belangrike skending van relevante wetlike en regulerende vereistes. Die komitee is tevrede dat daar geen wesenlike nie-nakoming van wette en regulasies in die jaar onder oorsig was nie. Die komitee is verder tevrede dat dit gedurende die jaar onder oorsig alle wetlike, regulerende en ander verantwoordelikhede nagekom het.
Die komitee het die kundigheid en ondervinding van die hoof finansiële beampte oorweeg en dit toepaslik en bevredigend gevind. Daarbenewens het die komitee die toepaslike ondervinding en die geskiktheid van die hulpbronne van die maatskappy se finansiële funksie, en die ervaring van senior bestuurslede verantwoordelik vir die finansiële funksie, beoordeel en dit bevredigend gevind.

## FLUITJIEBLAAS

Die ATKV maak gebruik van die dienste van "Whistle Blowers" waar gevalle van moontlike onetiese optrede, bedrog, oortreding van wetgewing en ander onreëlmatighede anoniem aangemeld kan word. Die komitee is tevrede dat daar gepaste prosedures in plek is om te verseker dat alle gevalle vertroulik gerapporteer en onafhanklik ondersoek sal word.

## FINANSIËLE STATE, LOPENDE SAAK EN BEGROTING

Die komitee het die alleenstaande en ATKV-groepstate nagegaan en is tevrede dat dit aan Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings (IFVS vir KMO's) en die Maatskappywet voldoen, asook dat die rekeningkundige beleid wat gebruik word, toepaslik is.

Die komitee het ook 'n gedokumenteerde evaluasie van bestuur oor die lopendesaakstatus van die maatskappy oorweeg voordat 'n aanbeveling aan die direksie gemaak is dat die maatskappy in die afsienbare toekoms 'n lopende saak sal wees.
Die komitee het verder die jaarverslag hesien en oorweeg en het dit aanbeveel vir goedkeuring deur die direksie.

## BEDANKING

Die ouditkomitee bedank graag bestuur en die interne beheerpersoneel vir hul toegewyde diens.



*Me. Charmel Flemming*
**VOORSITTER: OUDITKOMITEE**
**9 JUNIE 2022**



# VERSLAG VAN DIE **SOSIAAL-EN-ETIEKKOMITEE**

## *Prof. Deon Rossouw*

Die Sosiaal-en-Etiekkomitee (SEK) is gedurende die verslagperiode saamgestel uit die volgende lede:

- Prof. Deon Rossouw (voorsitter, Nie-uitvoerende direkteur: ATKV-MSW)
- Prof. Susan Smith (nie-uitvoerende direkteur: ATKV-MSW)
- Prof. Elmarie Slabbert (nie-uitvoerende direkteur: ATKV-Sake)
- Me. Sonél Brits (uitvoerende direkteur: ATKV-MSW)
- Mnr. Schalk Cilliers (uitvoerende direkteur: ATKV-Sake)

Die SEK het drie keer gedurende die verslagperiode vergader. Daar is ook 'n werksessie gehou met die bogenoemde uitvoerende direkteure, asook die Maatskappysekretaris ten einde die mandaat van die SEK aan te pas om te belyn met die statutêre vereistes vir die SEK, asook met die aanbevelings rakende SEK van die King IV-verslag oor Korporatiewe Beheer in Suid-Afrika, 2016. 'n Nuwe verslagdoeningsformaat is ook ontwikkel om by die gewysigde mandaat van die SEK aan te pas.

Die mandaat van die SEK is daarna dienooreenkomstig deur die ATKV-MSW-direksie gewysig. Volgens die gewysigde mandaat is die SEK tans verantwoordelik vir toesig oor, en advisering van die direksie, met betrekking tot die volgende aspekte:

### 1. EKONOMIESE OMGEWING

- Ekonomiese ontwikkeling
- Bedrog- en korrupsievoorkoming
- Swart ekonomiese bemagtiging
- Verantwoordelike en deursigtige belastingpraktyke

### 2. DIE WERKPLEK

- Regstellende aksie
- Menswaardige werk
- Werknemersgesondheid en -veiligheid
- Werknemerverhoudinge
- Ontwikkeling van werknemers
- Billike vergoeding en vergoedingsratio's
- Organisatoriese etiek

### 3. DIE NATUURLIKE OMGEWING

- Omgewingsimpak (insluitende besoedeling,

*Daar word beoog om in die komende jaar aandag te gee aan die sosiaal- en etiekverwante impak van die ATKV se projekte en programme.*

afvalbestuur, biodiversiteit en klimaatsverandering)

## 4. DIE SOSIALE OMGEWING

- Gemeenskapsontwikkeling
- Skenkings en borgskappe
- Openbare gesondheid en veiligheid
- Advertering
- Verbruikersbeskerming
- Kliënteverhoudinge
- Menseregte
- Belanghebbersverhoudinge

Gedurende die verslagtermyn het die SEK bestuursverslae oor al die bogenoemde aspekte ontvang. Aspekte waaraan prioriteit verleen is, is die volgende:

- Voorkoming van bedrog en korrupsie
- Beroepsgesondheid en -veiligheid
- Werknemerverhoudinge
- Organisatoriese etiek
- Openbare gesondheid en veiligheid
- Verbruikersbeskerming

Die oorsigrol wat die SEK gedurende die verslagperiode vervul het, het tot die volgende aksies deur die bestuur of direksie van die ATKV gelei:

- Daar is versekering verskaf dat die impak van die Covid-19-pandemie op beide besoekers aan ATKV-oorde en ATKV-geleenthede, asook op die personeel van die ATKV, gereeld gemoniteer en goed bestuur word.
- Rapportering oor die omgewingsimpak van die ATKV-Sake se bedywighede sal voortaan aan die hand van die ISO 14001 Standaard gedoen word.
- Die verhouding tussen die onderskeie komitees van die raad, asook moontlike oorvleueling tussen Komitees is uitgeklaar.
- Redes vir die onderbenutting van die fluitjieblaasmeganisme is ondersoek en aangespreek.
- 'n Etiekbestuurstrategie is ontwikkel, en etiekopleiding is weer hervat.
- 'n Nuwe rapporteringsraamwerk vir verslagdoening is deur die bestuur aan die SEK ontwikkel en geïmplementeer.
- Die ATKV-Reglement van die sosiaal-en-etiekkomitee is hersien en deur die direksie goedgekeur.
- 'n Nuwe jaarlikse werksplan is vir die SEK ontwikkel en deur die direksie goedgekeur is.
- Die Swart Ekonomiese Bemagtingstatus van die ATKV-MSW ia as 'n risiko in die risikoregister van die organisasie aangeteken is.

Daar word beoog om in die komende jaar aandag te gee aan die sosiaal- en etiekverwante impak van die ATKV se projekte en programme. Tans word slegs verslag gedoen oor hoofkantoor en die oorde se impak.

Ek wil graag die lede van die SEK, asook die bestuur van ATKV-MSW en ATKV-Sake bedank vir hulle hartlike en toegewyde samewerking om te verseker dat die ATKV-groep 'n organisasie met 'n gesonde etiese kultuur is, maar ook 'n verantwoordelike korporatiewe burger in die gemeenskappe wat deur hul aktiwiteite geraak word.

*Prof. Deon Rossouw*
**VOORSITTER: SOSIAAL-EN-ETIEKKOMITEE**
**9 JUNIE 2022**



# VERSLAG VAN DIE **VERGOEDINGS-EN-MENSEHULPBRONKOMITEE**

# *Prof. Marius Ungerer*

Die vergoedings-en-mense-hulpbronkomitee funksioneer as 'n volwaardige direksiekomitee van die ATKV-groep met inagneming van die toepaslike King IV-beginsels. Die doel van hierdie komitee is om te verseker dat 'n doeltreffende mensehulpbron-en vergoedingstrategie gevolg word sodat die ATKV sy werknemers optimaal bestuur, asook billik vergoed vir dienste aan die organisasie gelewer ooreenkomstig wetgewing, in navolging van beste praktyke en teen die agtergrond van relevante vergoedingsnorme.

Die volgende oorhoofse doelwitte word nagestreef ingevolge die reglement van hierdie komitee:

- Om 'n meganisme te voorsien wat die versekering sal bied dat alle kritiese aspekte van die vergoeding aan personeel van die ATKV-groep oorweeg en riglyne gestel word waarbinne vergoeding bepaal word deur 'n komitee wat saamgestel is uit nie-uitvoerende direkteure en ander onafhanklike, gekoöpteerde lede wat nie 'n persoonlike finansiële belang daarby het nie, indien nodig, en wat optree in belang van die ATKV-groep.
- Om namens die ATKV-direksie die breë strategiese vergoedingsbeleid, wat getuig van billikheid, verantwoordbaarheid en deursigtigheid, vir die ATKV-groep te bepaal waardeur:
  - prestasie van die ATKV-groep en sy werknemers aangemoedig word;
  - billike en markverwante vergoeding vir individuele bydraes en ander inisiatiewe om korporatiewe doelwitte te behaal, nagestreef word; en
  - die doelmatige bestuur van die korporatiewe etos wat betref prestasiegerigte funksionering verseker word soos vervat in die ATKV-groep se strategie.
- Om die individuele vergoedingspakkette vir elk van die uitvoerende direkteure en die maatskappysekretaris goed te keur en kennis te neem van die hoofbestuurders se vergoedingspakkette.
- Om die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure te oorweeg

en aanbevelings aan die direksie te maak.
- Om die mensehulpbronkapasiteit optimaal te ontwikkel en aan te wend binne 'n bemagtigende en prestasie-georiënteerde organisatoriese kultuur.

Weens Covid-19-omstandighede het die vergoedings-en-mensehulpbronkomitee net een keer vergader, op 3 Februarie 2022. Die vorige formele vergadering was op 4 Februarie 2020. Die verpligtinge van die komitee is onder hierdie buitengewone omstandighede egter steeds nagekom en in beplanning verreken.

Gedurende die verslagperiode is die onderstaande besluite geneem ten opsigte van vergoedingsaangeleenthede van ATKV-personeel:

- 'n Lewenskoste-aanpassing van 5% is gedoen vir alle personeel wat voor September 2020 in diens van die ATKV was, effektief vanaf 1 Julie 2021.
- 'n *Ex gratia*-betaling aan personeel gedurende Desember 2021. Die doel met hierdie betaling was om die uitdagings van stygende lewenskoste van personeel te help bemiddel. Dié betaling is só gedoen dat laer posvlakke 'n groter persentasiebetaling ontvang het.

Bostaande eenmalige ex *gratia*-betaling aan alle personeel in voltydse diens van die ATKV is gemaak in Desember 2021 teen 'n totale investering van R10 miljoen. Bestuur rapporteer dat die betaling 'n wesenlike verskil in sowel die finansiële omstandighede as motivering van personeel gemaak het. Die ex *gratia*-betaling word as 'n sukses beskou, gegewe die positiewe impak en uitkomste.

Die komitee voorsien dat die mediumtermyn-werksplan van die vergoedings-en-mensehulpbronkomitee die volgende strategiese fokusareas sal insluit en dat terugvoer oor die vordering hiermee gereeld sal geskied as deel van die direksie-bestuursverslae.

## 1. KOMMUNIKASIE NA PERSONEEL OM SAMEWERKING TE BEVORDER:

- Etos van die ATKV – visie, missie en waardes van die ATKV.
- Kultuur van die organisasie.
- Koppeling met individuele belewenis – doelbelewing en betekenis.

## 2. TALENTBESTUUR:

- Personeelwelstand – 'n holistiese benadering tot personeel se omvattende gesondheid, ontwikkeling en versorging.
- Prestasiebestuur en vergoeding – gedifferensieer vir verskillende talentgroepe.
- Talentpoel – waardeproposisie vir die individu ter ondersteuning van die aanlok en behoud van talent.

## 3. PERSONEELONTWIKKELING:

- Behoeftebepaling en oudit.
- Nuwe aanbod vir personeelontwikkeling.
- Leerkultuur – deel van ontwikkeling.

## 4. ORGANISASIESTRUKTUUR:

- Bemagtigende rolbeskrywings.
- Strukture om samewerking te bevorder – implikasies ten opsigte van koördinering.
- Herbesoek besluitnemingsbemagtiging – delegasie van bevoegdhede.
- Hersien rolgraderings in terme van interne billikheid.

## 5. IT-PLATFORM TER ONDERSTEUNING VAN MHB-FUNKSIE:

- Digitalisering van MHB-inligting en werknemer-self-helpfunksies.
- Databestuur-verantwoordelikheidsmatriks.

Die komitee bedank graag die bestuur en sekretariaat vir hul diens en bereidwilligheid om die komitee by te staan in die uitvoering van sy pligte gedurende die verslagjaar.

*Prof. Marius Ungerer*
**VOORSITTER: VERGOEDINGS-EN-MENSEHULPBRONKOMITEE**
**9 JUNIE 2022**





# FINANSIËLE STATE

2022

ATKV

# VERKLARING VAN DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

In my hoedanigheid as maatskappysekretaris sertifiseer ek hiermee, ingevolge die Maatskappywet van Suid-Afrika, dat die maatskappy vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 sodanige verslae, soos vereis, by die Registrateur van Maatskappye ingedien het en dat sodanige verslae, na die beste van my kennis en wete, in alle opsigte waar, volledig en korrek is.

*Mnr. JC Schoeman*
**MAATSKAPPYSEKRETARIS**
**9 JUNIE 2022**



# AAN DIE LEDE VAN DIE AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURVERENIGING MSW

Geagte lede,
Die finansiële state van die groep en die maatskappy (registrasienommer 1962/005157/08) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 word aan u voorgelê.

Hier onder volg 'n algemene oorsig van die resultate en bedrywighede van die groep vir die oorsigtydperk.

**1. AARD VAN BEDRYWIGHEDE**

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging MSW ('die maatskappy') is in Suid-Afrika gedomisilieer. Die maatskappy en sy filiale word saam na verwys as 'die groep'.

Die maatskappy is 'n kultuurorganisasie wat Afrikaanse taal en kultuur op 'n kreatiewe en inklusiewe wyse bedryf. Die maatskappy verskaf verskeie voordele aan sy lede. Filiaalbedrywighede sluit eiendomsontwikkeling, verhuring van eiendom, asook sewe selfsorgoorde wat vakansieverblyf, konferensie- en ontspanningsfasiliteite aanbied, in.

**2. FINANSIËLE RESULTATE**

Die groep en maatskappy se stand van sake, bedryfsresultate, asook kontantvloei vir die bedryfsperiode word volledig uiteengesit in die aangehegte finansiële state.

**3. VERKRYGINGS EN OPBRENGSTE VAN EIENDOM, MASJINERIE EN TOERUSTING, ASOOK ONTASBARE BATES EN BELEGGINGSEIENDOM**

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Toevoegings: eiendom, masjinerie en toerusting | 52 597 | 12 483 | 3 261 | 2 206 |
| Toevoegings: ontasbare bates | 641 | 165 | 289 | 165 |
| Toevoegings: beleggingseiendom | 3 732 | 71 | 7 575 | 8 197 |
| Opbrengs met vervreemding | 2 621 | 2 339 | 2 595 | 1 826 |

**4. KULTUURAKTIWITEITE**

Die state van wins of verlies en ander omvattende inkomste sluit die volgende bedrae in wat aan kultuur- en verwante bedryfsaktiwiteite bestee is:

| | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|
| | **2022 R'000** | **2021 R'000** |
| Taal | **7 283** | 6 213 |
| Kunste, kultuur en erfenis | **12 481** | 8 610 |
| Gemeenskappe | **6 192** | 3 708 |
| Onderwys | **994** | 2 224 |
| Takke | **11 879** | 7 608 |
| Ledesake | **8 976** | 6 013 |
| Taalgenoot | **3 391** | 3 584 |
| | **51 196** | 37 960 |

**5. FILIAALMAATSKAPPYE**

| | | |
|---|---|---|
| **DIREKTE FILIALE** | | |
| **ATKV-Sake (RF) (Edms) Bpk.** | | |
| * Uitgereikte aandelekapitaal | **R 100** | R 100 |
| Belang van houermaatskappy | | |
| * Persentasie | **100%** | 100% |
| * Hoeveelheid aandele | **100** | 100 |
| Totale wins of verlies en ander omvattende inkomste (R'000) | **5 762** | 19 693 |

| | MAATSKAPPY 2022 R'000 | MAATSKAPPY 2021 R'000 |
|---|---|---|
| **ATKV-Buffelspoort Eiendomme (Edms) Bpk.** | | |
| * Uitgereikte aandelekapitaal | **R 100** | R 100 |
| Belang van houermaatskappy | | |
| * Persentasie | **100%** | 100% |
| * Hoeveelheid aandele | **100** | 100 |
| Totale wins of verlies en ander omvattende inkomste (R'000) | **(280)** | (1 670) |
| **ATKV Eiendomme (Edms) Bpk. (voorheen ATKV-Goudini Eiendomme Edms Bpk)** | | |
| * Uitgereikte aandelekapitaal | **R 100** | R 100 |
| Belang van houermaatskappy | | |
| * Persentasie | **100%** | 100% |
| * Hoeveelheid aandele | **100** | 100 |
| Totale wins of verlies en ander omvattende inkomste (R'000) | **2 886** | 3 099 |
| **ATKV-Toerklub (Edms) Bpk.** | | |
| * Uitgereikte aandelekapitaal | **R 200 000** | R 200 000 |
| Belang van houermaatskappy | | |
| * Persentasie | **100%** | 100% |
| * Hoeveelheid aandele | **400 000** | 400 000 |
| Totale wins of verlies en ander omvattende inkomste (R'000) | **(235)** | 3 514 |
| **ATKV Beleggings (Edms) Bpk.** | | |
| * Uitgereikte aandelekapitaal | **R 1 000** | R 1 000 |
| Belang van houermaatskappy | | |
| * Persentasie | **100%** | 100% |
| * Hoeveelheid aandele | **1 000** | 1 000 |
| Totale wins of verlies en ander omvattende inkomste (R'000) | **(206)** | - |

| | MAATSKAPPY 2022 R'000 | MAATSKAPPY 2021 R'000 |
|---|---|---|
| **ATKV-Instituut (Edms) Bpk.** | | |
| * Uitgereikte aandelekapitaal | **R 100** | R 100 |
| Belang van houermaatskappy | | |
| * Persentasie | **49%** | 49% |
| * Hoeveelheid aandele | **49** | 49 |
| Totale wins of verlies en ander omvattende inkomste (R'000) | **(2)** | - |
| **Pro Seven Star Services (Edms) Bpk. (voorheen ATKV-Projekte (Edms) Bpk.)** | | |
| * Uitgereikte aandelekapitaal | **R 10 000** | R 10 000 |
| Belang van houermaatskappy | | |
| * Persentasie | **100%** | 100% |
| * Hoeveelheid aandele | **5 000** | 5 000 |
| Totale wins of verlies en ander omvattende inkomste (R'000) | **64** | 1 422 |
| **ATKV Boekhuis (Edms) Bpk.** | | |
| * Uitgereikte aandelekapitaal | **R 150** | R 150 |
| Belang van houermaatskappy | | |
| * Persentasie | **100%** | 100% |
| * Hoeveelheid aandele | **150** | 150 |
| Totale wins of verlies en ander omvattende inkomste (R'000) | **(1 840)** | 174 |
| **Hartenbos Seefront (Edms) Bpk.** | | |
| * Uitgereikte aandelekapitaal | **R 120** | R 120 |
| Belang van houermaatskappy | | |
| * Persentasie | **50,83%** | 50,83% |
| * Hoeveelheid aandele | **61** | 61 |
| Totale wins of verlies en ander omvattende inkomste (R'000) | **1 083** | 3 462 |

| | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|
| | 2022 | 2021 |
| | R'000 | R'000 |
| **Majestic Silver Trading 279 (Edms) Bpk.** | | |
| * Uitgereikte aandelekapitaal | **R 1 000** | R 1 000 |
| Belang van houermaatskappy | | |
| * Persentasie | **85,00%** | 85,00% |
| * Hoeveelheid aandele | **850** | 850 |
| Totale wins of verlies en ander omvattende inkomste (R'000) | **(4 503)** | (1 461) |

**Verdere inligting met betrekking tot die filiale word in nota 5, 6, 29 en 31 tot die finansiële state verstrek.**

## 6. BELASTING

Die maatskappy se belastingaanspreeklikheid word bereken ingevolge inkomstebelastingwetgewing soos van toepassing op openbare weldaadsorganisasies. Sakebedrywighede is onderhewig aan normale inkomste-belasting. Wysigings in belastingwetgewing, asook bindende riglyne en interpretasies uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens is in ag geneem. Indien die belastingaanslag verskil van die bedrae wat aanvanklik voorsien is, sal sodanige verskille in die toepaslike jaar of die jaar waarin die aanslag ontvang word, in die finansiële state aangetoon word.

## 7. DIREKTEURE

Die ATKV-MSW se direkteure gedurende die jaar en tot die datum van die verslag is soos volg:

| **Nie-uitvoerende direkteure** | **Bewegings gedurende die tydperk en termyne** |
|---|---|
| MF le Roux | Verkies in Mei 2019 vir 'n termyn van 3 jaar (verkies in Julie 2021 as voorsitter tot die volgende algemene jaarvergadering) |
| DW Lotter | Verkies in Mei 2019 vir 'n termyn van 3 jaar (verkies in Julie 2021 as visevoorsitter tot die volgende algemene jaarvergadering) |
| CD Flemming | Gekoöpteer in Julie 2021 vir 'n termyn van 3 jaar |
| PA Geldenhuys | Verkies in Augustus 2020 vir 'n termyn van 3 jaar |
| B Paulse | Verkies in Augustus 2020 vir 'n termyn van 3 jaar |
| GJ Rossouw | Verkies in Julie 2021 vir 'n termyn van 3 jaar |
| SC Smith | Verkies in Augustus 2020 vir 'n termyn van 3 jaar |
| M Ungerer | Gekoöpteer in Augustus 2020 vir 'n termyn van 2 jaar |

**Uitvoerende direkteure**

| | |
|---|---|
| DS van der Breggen (Brits) | Besturende direkteur |
| TJ Truscott | Finansiële direkteur |

Geen kontrakte is gedurende die jaar aangegaan waarby direkteure 'n belang gehad het nie.

**8. MAATSKAPPYSEKRETARIS EN GEREGISTREERDE ADRES**

Die maatskappysekretaris is JC Schoeman wat by die hoofkantoor werksaam is:

| | |
|---|---|
| Posadres van die hoofkantoor: | Posbus 4586<br>Randburg<br>2125 |
| Sakeadres: | ATKV-gebou<br>Surreylaan 348<br>Randburg<br>2194 |

**9. EKSTERNE OUDITEUR**

BDO Suid-Afrika Ingelyf

**10. OPSTEL EN OUDIT VAN FINANSIËLE STATE**

Die finansiële state is opgestel deur S van der Walt, professionele rekenmeester (SA). Hierdie finansiële state word ook verpligtend geoudit in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van artikel 30 van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

Hierdie finansiële state is nagesien deur TJ Truscott GR(SA) – finansiële direkteur: ATKV-Groep.

**11. GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSTYDPERK**

Die direkteure is nie bewus van enige wesenlike gebeurlikhede wat plaasgevind het na die verslagdoeningsdatum tot en met die datum van hierdie verslag nie.

**12. LOPENDE SAAK**

Bestuur het 'n gedetailleerde evaluering op die lopende saak uitgevoer, wat 'n oorsig van die 2023- finansiële jaar se bedryfs- en kontantvloeibegroting ingesluit het, en tot die gevolgtrekking gekom dat die groep en maatskappy in 'n posisie sal wees om sy laste te delg soos wat dit in die volgende 12 maande betaalbaar word. Die items wat oorweeg is, sluit in:

- die bedryfsbegroting toon 'n wins voor belasting;
- positiewe kontantvloei vanuit bedrywighede is vasgestel vanuit die gedetailleerde evaluering van kontantvloei-vooruitskattings en word verwag om finansiële aanspreeklikhede te delg soos dit betaalbaar raak;
- daar bestaan kruiswaarborge tussen die entiteite in die groep en surpluskontant vanuit alle filiale word oorgeplaas na die houermaatskappy om te bestuur en aan te wend waar nodig;
- die doelwit van die sentrale bestuur van die entiteite se kontantposisies is om te verseker dat die groep sy korttermynverpligtinge sal kan nakom deur die doeltreffende bestuur van kontant en oortrokke fasiliteite;
- beskikbare oortrokke fasiliteite wat nog nie opgeneem was op 30 April 2022 nie beloop R57,8 miljoen;
- die likiditeitsposisie word negatief beïnvloed deur die vooruitontvangde inkomste waaraan 'n baie klein risiko vir terugbetaling gekoppel word. 'n Gedetailleerde sensitiwiteitsanalise voorberei deur bestuur dui aan dat slegs 'n onwaarskynlike vlak van terugbetalings 'n negatiewe impak op die maatskappy se lopendesaakbeginsel sal hê.

Met die bogenoemde feite in ag geneem, glo die direkteure dat die houermaatskappy en sy filiale as 'n lopende saak sal voortbestaan in die

jaar wat voorlê en dat hulle die lopendesaakgrondslag in die opstelling van die finansiële state sal volg.

Ooreenkomstig is die finansiële state opgestel in ooreenstemming met rekenkundige beleid wat op 'n lopendesaakgrondslag gegrond is. Dié grondslag veronderstel dat daar fondse sal wees om toekomstige bedrywighede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van laste, voorwaardelike aanspreeklikhede en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

Die groep toon 'n totale omvattende wins van R38,5 miljoen (2021: verlies R11,2 miljoen) en die groep se totale bedryfslaste oorskry sy totale bedryfsbates met R41,2 miljoen (2021: R31,4 miljoen) as gevolg van die hoë vooruitontvangde inkomste wat die groep hou uit die aard van sy bedrywighede.

Die maatskappy toon 'n totale omvattende wins van R59,2 miljoen (2021: verlies R13,1 miljoen) en die maatskappy se totale bedryfslaste oorskry sy totale bedryfsbates met R27,9 miljoen (2021: R68,2 miljoen) as gevolg van die lenings vanaf filiaalmaatskappye wat ontstaan het weens die sentrale kontantbestuur wat in die groep plaasvind en wat ingesluit is in bedryfslaste.

**13. VERANTWOORDELIKHEIDSVERKLARING VAN DIE DIREKTEURE EN GOEDKEURING VAN FINANSIËLE STATE**

Die direkteure van die maatskappy is verantwoordelik vir:

- die opstel en redelike aanbieding van die finansiële state van hierdie gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state wat bestaan uit die state van finansiële stand soos op 28 Februarie 2022, asook die state van wins of verlies en ander omvattende inkomste, die state van veranderings in ekwiteit en die state van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het en aantekeninge tot die finansiële state, insluitend 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde vir Klein- en Mediumgrootte Ondernemings (IFVS vir KMO's) en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika;
- die opstel van die direkteursverslag;
- toepaslike interne beheermaatreëls ter voorbereiding van die finansiële state, sonder wesenlike wanvoor-stelling, hetsy weens bedrog of foute;
- die byhou van toepaslike rekeningkundige rekords;
- die instandhouding van 'n doeltreffende stelsel van risikobestuur; en
- die aanbieding van bykomende inligting tot die finansiële state.

Die direkteure het die vermoë van die maatskappy en die groep om te kan voortbestaan as 'n lopende saak beoordeel en het geen rede om te glo dat die maatskappy en die groep nie as 'n lopende saak in die volgende jaar sal kan voortbestaan nie.

Die ouditkomitee het bevestig dat doeltreffende interne beheer- en risikobestuurstelsels in stand gehou word. Daar was gedurende die oorsigtydperk geen onderbrekings in die funksionering van die interne finansiële beheerstelsels wat 'n wesenlike uitwerking op die maatskappy en die groep se finansiële state gehad het nie.

Die ouditeure is verantwoordelik om verslag te doen rakende die redelike aanbieding van die finansiële state in ooreenstemming met IFVS vir KMO's en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

**Die finansiële state, asook die direkteursverslag, is op 9 Junie 2022 deur die direkteure van die maatskappy goedgekeur en namens hulle onderteken deur:**

**MF LE ROUX**
Nie-uitvoerende direkteur en voorsitter: direksie

**CD FLEMMING**
Nie-uitvoerende direkteur en voorsitter: ouditkomitee

**DS VAN DER BREGGEN (BRITS)**
Besturende direkteur: ATKV-MSW

**TJ TRUSCOTT**
Finansiële direkteur: ATKV-groep

# VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

BDO

## AAN DIE LEDE VAN DIE AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURVERENIGING MSW EN FILIAALMAATSKAPPYE

**MENING**

Ons het die gekonsolideerde (groep) en afsonderlike (maatskappy) finansiële state van Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging MSW (die groep), soos uiteengesit op bladsye 54 tot 113, geoudit. Hierdie gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state bestaan uit die gekonsolideerde en afsonderlike state van finansiële stand soos op 28 Februarie 2022, en die gekonsolideerde en afsonderlike state van wins of verlies en ander omvattende inkomste, die gekonsolideerde en afsonderlike state van veranderings in ekwiteit en die gekonsolideerde en afsonderlike state van kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en aantekeninge tot die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, insluitende 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid.

Na ons mening is die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële stand van die groep soos op 28 Februarie 2022, en van die groep se gekonsolideerde en afsonderlike finansiële prestasie en gekonsolideerde en afsonderlike kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

**GRONDSLAG VIR MENING**

Ons het ons oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' ('ISAs') uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die Finansiële State-afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die maatskappy in ooreenstemming met artikels 290 and 291 van die 'Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA)' se 'Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised January 2018)', afdelings 1 and 3 van die 'Independent Regulatory Board for Auditors'' se 'Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised November 2018)' (tesame die 'IRBA Codes') en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op oudits van finansiële state in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede, soos van toepassing, ooreenkomstig die 'IRBA Codes' en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op oudits in Suid-Afrika vervul. Die 'IRBA Codes' is konsekwent met ooreenstemmende artikels van onderskeidelik die 'International Ethics Standards Board for Accountants'' se 'Code of Ethics for Professional Accountants' en die 'International Ethics Standards Board for Accountants'' se 'International Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards)'. Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

**ANDER INLIGTING**

Die direkteure is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die inligting ingesluit in the dokument getiteld "Finansiele state 2022", wat die Direkteursverslag en die Sertifikaat van die Maatskappysekretaris soos vereis deur die Maatskappywet van Suid-Afrika insluit, wat ons voor die datum van hierdie verslag verkry het, en die Algemene Jaarverslag, wat ons verwag aan ons beskikbaar gemaak sal word na daardie datum. Die ander inligting sluit nie die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state en ons ouditeursverslag daaroor in nie.

Ons mening oor die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen ouditmening of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

Met betrekking tot ons oudit van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state is

dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die finansiële state of kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

**VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE DIREKTEURE VIR DIE GEKONSOLIDEERDE EN AFSONDERLIKE FINANSIËLE STATE**

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die finansiële state ooreenkomstig IFVS vir KMO's en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag vir die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die finansiële state is die direkteure daarvoor verantwoordelik om die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopendesaakgrondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die direkteure beplan om die maatskappy te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

**OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEDE VIR DIE OUDIT VAN DIE GEKONSOLIDEERDE EN AFSONDERLIKE FINANSIËLE STATE**

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die ISAs uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, sal beïnvloed.

As deel van 'n oudit ooreenkomstig die ISAs gebruik ons professionele oordeel en handhaaf ons professionele skeptisisme deurlopend deur die oudit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer ouditprosedures uit na aanleiding van daardie risiko's, en verkry ouditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die oudit ten einde ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die doeltreffendheid van die maatskappy se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die direkteure gemaak is.
- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die direkteure se gebruik van die lopendesaakgrondslag van verantwoording, en gegrond op ouditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Waar ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan, word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike

openbaarmaking in die finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gegrond op ouditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die maatskappy ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.

- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitend die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.
- Verkry voldoende toepaslike ouditbewyse met betrekking tot die finansiële inligting van die entiteite of sakebedrywighede binne die groep om 'n mening oor die gekonsolideerde finansiële state uit te spreek. Ons is verantwoordelik vir die leiding, toesig en uitvoering van die groepsoudit. Ons bly uitsluitlik verantwoordelik vir ons ouditmening.

Ons kommunikeer met die direkteure oor, onder meer, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons oudit identifiseer.

Ons voorsien ook die direkteure met 'n bevestiging dat ons relevante etiese vereistes rakende onafhanklikheid nagekom het, en ons kommunikeer aan hulle alle verhoudings en ander aangeleenthede wat redelikerwys geag kan word om ons onafhanklikheid te beïnvloed, sowel voorsorgmaatreëls, waar dit van toepassing is.

BDO South Africa Inc.

**BDO SOUTH AFRICA INC**
T Jansen van Vuuren
Geregistreerde ouditeur
14 Junie 2022

Gebou 5, Summit Place Office Park
Garsfonteinweg 221
Menlyn, 0181

BDO South Africa Incorporated
Registration number: 1995/002310/21
Practice number: 905526
VAT number: 4910148685
Chief Executive Officer: Bonga Mokoena

A full list of all company directors is available on www.bdo.co.za

The company's principal place of business is at The Wanderers Office Park, 52 Corlett Drive, Illovo, Johannesburg where a list of directors' names is available for inspection. BDO South Africa Incorporated, a South African personal liability company, is a member of BDO International Limited, a UK company limited by guarantee, and forms part of the international BDO network of independent member firms.

# STATE VAN FINANSIËLE STAND

## SOOS OP 28 FEBRUARIE 2022

| | Nota | GROEP 2022 R'000 | GROEP 2021 Herstateer R'000 | MAATSKAPPY 2022 R'000 | MAATSKAPPY 2021 R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| **BATES** | | | | | |
| **Niebedryfsbates** | | | | | |
| Beleggingseiendom | 2 | **241 209** | 247 790 | **310 522** | 296 698 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | 3 | **691 364** | 637 210 | **26 723** | 19 637 |
| Ontasbare bates | 4 | **1 320** | 792 | **628** | 425 |
| Beleggings in filiaalmaatskappye | 5 | **-** | - | **178 978** | 178 978 |
| Lenings aan filiale | 6 | **-** | - | **131 102** | 130 562 |
| Lenings aan gesamentlik beheerde ondernemings | 7 | **-** | - | **-** | - |
| Ander finansiële bates | 8 | **746** | 1 955 | **746** | 1 955 |
| Huur-egalisasie | 11 | **8 507** | 8 361 | **-** | - |
| Uitgestelde belasting | 9 | **-** | 2 845 | **-** | - |
| | | **943 146** | 898 953 | **648 699** | 628 255 |
| **Bedryfsbates** | | | | | |
| Huur-egalisasie | 11 | **375** | - | **-** | - |
| Voorraad | 10 | **34 246** | 25 892 | **-** | - |
| Lopende belasting ontvangbaar | 28 | **2 731** | 3 930 | **-** | - |
| Lenings aan filiale | 6 | **-** | - | **1 526** | 1 323 |
| Handels- en ander ontvangbare rekeninge | 12 | **9 208** | 10 236 | **2 371** | 246 |
| Ander finansiële bates | 8 | **1 503** | 18 707 | **1 503** | 1 767 |
| Kontant en kontantekwivalente | 13 | **50 330** | 30 659 | **33 938** | 21 480 |
| | | **98 393** | 89 424 | **39 338** | 24 816 |
| Bates gehou vir verkoop | 14 | **6 330** | 330 | **330** | 330 |
| **Totale bates** | | **1 047 869** | 988 707 | **688 367** | 653 401 |

# STATE VAN FINANSIËLE STAND

## SOOS OP 28 FEBRUARIE 2022

| | Nota | GROEP 2022 R'000 | GROEP 2021 Herstateer R'000 | MAATSKAPPY 2022 R'000 | MAATSKAPPY 2021 R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| **FONDSE EN RESERWES** | | | | | |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan houermaatskappy** | | | | | |
| Reserwes | | **256 007** | 259 425 | **70 469** | 67 401 |
| Opgehoopte fondse | | **359 512** | 317 572 | **505 756** | 449 678 |
| | | **615 519** | 576 997 | **576 225** | 517 079 |
| Niebeherende belang in filiale | | **28 093** | 28 236 | **-** | - |
| | | **643 612** | 605 233 | **576 225** | 517 079 |
| **LASTE** | | | | | |
| **Niebedryfslaste** | | | | | |
| Finansiële aanspreeklikhede | 15 | **176 431** | 186 762 | **16 360** | 19 823 |
| Aftreevoordeelverpligting | 16 | **4 679** | 4 699 | **1 148** | 1 147 |
| Lenings betaalbaar | 18 | **13 099** | 12 203 | **-** | - |
| Uitgestelde belasting | 9 | **63 698** | 58 663 | **27 094** | 22 046 |
| | | **257 907** | 262 327 | **44 602** | 43 016 |
| **Bedryfslaste** | | | | | |
| Finansiële aanspreeklikhede | 15 | **9 836** | 12 815 | **3 146** | 6 719 |
| Lopende belasting betaalbaar | 28 | **82** | - | **-** | - |
| Handels- en ander betaalbare rekeninge | 17 | **44 513** | 31 872 | **6 180** | 6 876 |
| Lenings vanaf filiale | 6 | **-** | - | **49 807** | 70 439 |
| Aftreevoordeelverpligting | 16 | **579** | 547 | **147** | 139 |
| Vooruitontvangde inkomste | 19 | **64 057** | 60 051 | **8 260** | 8 876 |
| Oortrokke bankrekeninge | 13 | **27 283** | 15 862 | **-** | 257 |
| | | **146 350** | 121 147 | **67 540** | 93 306 |
| **Totale laste** | | **404 257** | 383 474 | **112 142** | 136 322 |
| **Totale laste en ekwiteit** | | **1 047 869** | 988 707 | **688 367** | 653 401 |

# STATE VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2022

| | | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| | | | Herstateer | | |
| | Nota | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Inkomste | 20 | **459 722** | 312 521 | **85 771** | 74 970 |
| Koste van verkope | | **(49 055)** | (32 353) | **-** | - |
| **Netto handelsinkomste** | | **410 667** | 280 168 | **85 771** | 74 970 |
| Ander inkomste | 20 | **28 264** | 25 940 | **44 964** | 18 445 |
| Billikewaardeaanpassing | | **(4 313)** | 3 729 | **9 293** | (45 896) |
| Uitgawes | 21 | **(382 558)** | (270 350) | **(88 792)** | (70 547) |
| **Wins/(Verlies) vir die jaar voor finansieringsinkomste en finansieringskoste** | | **52 060** | 39 487 | **51 236** | (23 028) |
| Finansieringsinkomste | 22 | **2 412** | 1 723 | **9 890** | 8 972 |
| Finansieringkoste | 22 | **(15 845)** | (17 589) | **(1 961)** | (3 410) |
| **Wins/(Verlies) voor belasting** | | **38 627** | 23 621 | **59 165** | (17 466) |
| Belastinguitgawe | 23 | **(7 964)** | (3 101) | **(3 901)** | 4 272 |
| **Wins/(Verlies) vir die jaar** | | **30 663** | 20 520 | **55 264** | (13 194) |
| | | | | | |
| **Wins/(Verlies) toeskryfbaar aan** | | | | | |
| Lede van die houermaatskappy | | **30 806** | 19 037 | **55 264** | (13 194) |
| Niebeherende belanghouers in filiale | | **(143)** | 1 483 | **-** | - |
| | | **30 663** | 20 520 | **55 264** | (13 194) |

# STATE VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2022

| | | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| | | | Herstateer | | |
| | Nota | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Ander omvattende inkomste: | | | | | |
| **Items wat nie na (verlies)/wins herklassifiseer word nie:** | | | | | |
| Aktuariële aanpassing op die mediese aftreevoordeelverpligting | 16 | **(154)** | (115) | **(24)** | (21) |
| Uitgestelde belasting wat verband hou met items wat nie herklassifiseer word nie | | **43** | 32 | **7** | 6 |
| | | **(111)** | (83) | **(17)** | (15) |
| Herwaardasie van eiendom | 3 | **10 304** | (41 816) | **5 150** | 106 |
| Uitgestelde belasting wat verband hou met die herwaardasie van eiendom | | **(2 376)** | 10 170 | **(1 154)** | (24) |
| | | **7 928** | (31 646) | **3 996** | 82 |
| **Totale items wat nie na wins/(verlies) herklassifiseer word nie** | | **7 817** | (31 729) | **3 979** | 67 |
| **Ander omvattende wins/(verlies) vir die jaar netto van belasting** | | **7 817** | (31 729) | **3 979** | 67 |
| **Totale omvattende inkomste/(verlies)** | | **38 480** | (11 209) | **59 243** | (13 127) |
| **Wins/(verlies) asook totale omvattende inkomste/(verlies) toeskryfbaar aan** | | | | | |
| Lede van die houermaatskappy | | **38 623** | (12 692) | **59 243** | (13 127) |
| Niebeherende belanghouers in filiale | | **(143)** | 1 483 | **-** | - |
| | | **38 480** | (11 209) | **59 243** | (13 127) |

# STATE VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2022

| | Nota | Billike-waarde-reserwe R'000 | Herwaar-dasie-reserwe R'000 | Takfonds-reserwe R'000 | Totale reserwes R'000 | Opge-hoopte fondse R'000 | Totaal toeskryfbaar aan ekwiteits-houers van die groep R'000 | Nie-beherende belang R'000 | Totale ekwiteit R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **GROEP** | | | | | | | | | |
| **Saldo op 1 Maart 2020** | | **59 865** | **213 714** | **2 871** | **276 450** | **310 153** | **586 603** | **26 753** | **613 356** |
| Vorige tydperk fout | 35 | - | - | - | - | 3 119 | - | - | 3119 |
| **Saldo op 1 Maart 2020 hersaamgestel** | | **59 865** | **213 714** | **2 871** | **276 450** | **313 272** | **589 722** | **26 753** | **616 475** |
| Wins vir die jaar | | - | - | - | - | 19 037 | 19 037 | 1 483 | 20 520 |
| Oordrag van billikewaardeaanpassing op beleggingseiendom na reserwe | | 2 685 | - | - | 2 685 | (2 685) | - | - | - |
| Oordrag van herwaardasie van eienaargeokkupeerde eiendom na reserwe | | - | (19 602) | - | (19 602) | (12 044) | (31 646) | - | (31 646) |
| Herklassifikasie van herwaardasiereserwe na billikewaardereserwe | | 3 598 | (3 598) | - | - | - | - | - | - |
| Oordrag van takke se netto tekort vir die jaar vanaf die takfondsreserwe | | - | - | (108) | (108) | 75 | (33) | - | (33) |
| Aktuariële aanpassing op mediese aftreevoordeelverpligting | | - | - | - | - | (83) | (83) | - | (83) |
| **Totale veranderings** | | 6 283 | (23 200) | (108) | (17 025) | 4 300 | (12 725) | 1 483 | (11 242) |
| **Saldo op 1 Maart 2021** | | **66 148** | **190 514** | **2 763** | **259 425** | **317 572** | **576 997** | **28 236** | **605 233** |
| Wins vir die jaar | | **-** | **-** | **-** | **-** | **30 806** | **30 806** | **(143)** | **30 663** |
| Oordrag van billikewaardeaanpassing op beleggingseiendom na reserwe | | **(3 206)** | **-** | **-** | **(3 206)** | **3 206** | **-** | **-** | **-** |
| Oordrag van herwaardasie van eienaargeokkupeerde eiendom na reserwe | | **-** | **(144)** | **-** | **(144)** | **8 068** | **7 924** | **-** | **7 924** |
| Oordrag van takke se netto tekort vir die jaar na die takfondsreserwe | | **-** | **-** | **(68)** | **(68)** | **(29)** | **(97)** | **-** | **(97)** |
| Aktuariële aanpassing op mediese aftreevoordeelverpligting | | **-** | **-** | **-** | **-** | **(111)** | **(111)** | **-** | **(111)** |
| **Totale veranderings** | | **(3 206)** | **(144)** | **(68)** | **(3 418)** | **41 940** | **38 522** | **(143)** | **38 379** |
| **Saldo op 28 Februarie 2022** | | **62 942** | **190 370** | **2 695** | **256 007** | **359 512** | **615 519** | **28 093** | **643 612** |

# STATE VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2022

| | Billike-waarde-reserwe<br>R'000 | Herwaar-dasie-reserwe<br>R'000 | Takfonds-reserwe<br>R'000 | Totale reserwes<br>R'000 | Opge-hoopte fondse<br>R'000 | Totale ekwiteit<br>R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **MAATSKAPPY** | | | | | | |
| **Saldo op 1 Maart 2020** | **77 990** | **10 138** | **2 871** | **90 999** | **439 240** | **530 239** |
| Wins vir die jaar | - | - | - | - | (13 194) | (13 194) |
| **Ander omvattende inkomste** | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** |
| Herwaardasie van eienaargeokkupeerde eiendom | - | 82 | - | 82 | - | 82 |
| Aktuariële aanpassing op mediese aftreevoordeelverpligting | - | - | - | - | (15) | (15) |
| Billikewaardeaanpassing op beleggingseiendom | (23 572) | - | - | (23 572) | 23 572 | - |
| Oordrag van takke se netto surplus vir die jaar na die takfondsreserwe | - | - | (108) | (108) | 75 | (33) |
| **Totale veranderings** | (23 572) | 82 | (108) | (23 598) | 10 438 | (13 160) |
| **Saldo op 1 Maart 2021** | **54 418** | **10 220** | **2 763** | **67 401** | **449 678** | **517 079** |
| Verlies vir die jaar | **-** | | **-** | **-** | **55 264** | **55 264** |
| Ander omvattende inkomste | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** |
| Herwaardasie van eienaargeokkupeerde eiendom | **-** | **3 996** | **-** | **3 996** | **-** | **3 996** |
| Aktuariële aanpassing op mediese aftreevoordeelverpligting | **-** | **-** | **-** | **-** | **(17)** | **(17)** |
| Billikewaardeaanpassing op beleggingseiendom | **(860)** | **-** | **-** | **(860)** | **860** | **-** |
| Oordrag van takke se netto tekort vir die jaar na die takfondsreserwe | **-** | **-** | **(68)** | **(68)** | **(29)** | **(97)** |
| **Totale veranderings** | **(860)** | **3 996** | **(68)** | **3 068** | **56 078** | **59 146** |
| **Saldo op 28 Februarie 2022** | **53 558** | **14 216** | **2 695** | **70 469** | **505 756** | **576 225** |

# STATE VAN KONTANTVLOEI

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2022

| | Nota | GROEP 2022 R'000 | GROEP 2021 R'000 | MAATSKAPPY 2022 R'000 | MAATSKAPPY 2021 R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | | | |
| Kontant gegenereer deur bedrywighede | 27 | **71 451** | 42 728 | **9 552** | 25 863 |
| Finansieringsinkomste ontvang | | **2 412** | 1 723 | **1 693** | 370 |
| Finansieringskoste betaal | | **(14 949)** | (10 588) | **(1 857)** | (3 303) |
| Belasting betaal | 28 | **(1 135)** | (45) | **-** | - |
| **Netto kontantsurplus uit bedryfsaktiwiteite** | | **57 779** | 33 818 | **9 388** | 22 930 |
| **Kontantvloei van beleggingsaktiwiteite** | | | | | |
| Toevoeging tot beleggingseiendom | 2 | **(3 732)** | (71) | **(7 575)** | (4 747) |
| Toevoeging tot eiendom, masjinerie en toerusting | 3 | **(52 597)** | (9 033) | **(3 261)** | (2 206) |
| Toevoeging tot ontasbare bates | 4 | **(641)** | (165) | **(289)** | (165) |
| Opbrengs met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting, asook ontasbare bates en beleggingseiendom | 25 | **2 621** | 2 339 | **2 595** | 1 826 |
| Afname/(toename) in lenings aan groepmaatskappye | | **-** | - | **7 454** | (5 871) |
| Afname/(toename) in finansiële bates | 8 | **18 130** | 15 308 | **1 190** | (486) |
| **Netto kontant (aangewend in)/gegenereer deur beleggingsaktiwiteite** | | **(36 219)** | 8 378 | **114** | (11 649) |
| **Kontantvloei van finansieringsaktiwiteite** | | | | | |
| Afname in finansiële aanspreeklikhede | 8 | **(13 310)** | (5 430) | **(7 036)** | (2 440) |
| Toename in lenings vanaf filiale | | **-** | - | **10 249** | 23 341 |
| **Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite** | | **(13 310)** | (5 430) | **3 213** | 20 901 |
| **Kontantbeweging vir die jaar** | | **8 250** | 36 766 | **12 715** | 32 182 |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar | 13 | **14 797** | (21 969) | **21 223** | (10 959) |
| **Totale kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | 13 | **23 047** | 14 797 | **33 938** | 21 223 |

# REKENINGKUNDIGE BELEID

## *Aanbieding van finansiële state*

Die direksie het die rekeningkundige groepbeleid geïdentifiseer wat toepaslik is vir sakebedrywighede en die vertolking van resultate. Die finansiële state is opgestel ooreenkomstig IFVS vir KMO's (voorheen IFVS) en die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Die rekeningkundige beleid stem ook ooreen met dié van vorige tydperke. Die vernaamste rekeningkundige beleidsaspekte word vervolgens uiteengesit:

Die finansiële syfers word gerapporteer in duisende.

## 1. GOEDKEURING VAN FINANSIËLE STATE

Die finansiële state van die maatskappy is op 9 Junie 2022 deur die direksie goedgekeur.

## 2. ONDERLIGGENDE KONSEPTE

Die finansiële state word opgestel op 'n historiesekostegrondslag op die lopendesaakgrondslag en gegrond op die aanname dat die groep in die afsienbare toekoms sal bly voortbestaan en voldoende finansieringsfasiliteite kan beding om bestaande bedryfsaktiwiteite voort te sit. Die finansiële state word verder opgestel op die toevallingsgrondslag waar transaksies verreken word wanneer die gebeurtenis plaasvind en nie wanneer kontant ontvang word nie, behalwe waar afwykings spesifiek so geopenbaar word.

Bates en laste, asook inkomste en uitgawes word nie teen mekaar afgespeel nie, behalwe waar dit spesifiek deur rekeningkundige standaarde toegelaat word.

Daar is geen standaarde wat 'n wesenlike invloed op die finansiële state kan hê, wat nie toegepas word nie.

## 3. WESENLIKE RAMINGS

**BESTUURSOORDEEL**

Die opstel van die finansiële state in ooreenstemming met IFVS vir KMO's vereis die gebruik van sekere kritiese rekeningkundige ramings en aannames. Dit vereis ook dat die direkteure oordeel moet gebruik in die toepassing van die groep en die maatskappy se rekeningkundige beleid. Ramings en veronderstellings word jaarliks hersien en enige aanpassings wat hieruit mag vloei, word erken in die jaar wanneer die raming verander.

Die voorbereiding van die finansiële state noodsaak die gebruik van ramings, aannames en bestuursoordeel ten opsigte van sekere items. Die belangrikste items wat aan die toepassing van ramings, aannames en oordeel onderhewig is, sluit in:

**BILLIKEWAARDEAANPASSING OP BELEGGINGSEIENDOM ASOOK GROND EN GEBOUE**

'n Beoordeling van die billike waarde van beleggingseiendom asook grond en geboue word jaarliks uitgevoer, hetsy deur 'n onafhanklike waardeerder of deur bestuur. Die waardasies word bereken op algemeen aanvaarde waardasiemodelle en gebruik werklike en/of markgebaseerde huurinkomste en -uitgawes asook 'n toepaslike verdiskonteringskoers of kapitalisasiekoers.

**LOPENDE- EN UITGESTELDE BELASTING**

Die groep voorsien uitgestelde belasting op alle tydelike verskille tussen die drawaarde en belastingbasis deur die beraamde belastinggevolge te meet gebaseer op die wyse waarop die entiteit na verwagting (soos op die verslagdoeningsdatum) die drawaarde van die belegging sal verhaal. Op beleggingseiendom word dit dus bereken op die beraamde kapitaalwins of -verlies soos van toepassing.

Die groep erken aanspreeklikhede vir verwagte belasting op grond van ramings gegrond op heersende belastingkoerse en toepaslike belastingwette en die

toepassing sluit 'n mate van raming in. Waar die finale belastinguitkoms verskil van die bedrae wat aanvanklik aangeteken is, sal sodanige verskille die huidige en uitgestelde inkomstebelastingbates en -laste beïnvloed gedurende die tydperk waarin sodanige vasstelling gemaak word.

**WAARDEDALING OP BATES**

Op elke rapporteringsdatum oorweeg die maatskappy of daar objektiewe bewyse van 'n waardedaling van bates bestaan. 'n Waardedaling van 'n bate vind plaas wanneer die drabedrag groter is as die verwagte verhaalbare bedrag. Die verhaalbare bedrag is die hoogste van billike waarde minus die verkoopskoste of die waarde in gebruik. Die drawaardes van bates word hersien, indien daar objektiewe bewyse bestaan wat op 'n waardedaling dui, en afgeskryf vir waardedalings waar nodig.

**BRUIKBARE LEWENSDUUR EN RESWAARDE VAN TASBARE EN ONTASBARE BATES**

Faktore soos verandering in die gebruik van 'n bate, beduidende onverwagte tegnologiese vooruitgang of veranderings in markpryse kan aandui dat die reswaarde of lewensduur van 'n bate sedert vorige verslagdoeningsdatums verander het. As sulke aanwysers teenwoordig is, moet 'n entiteit sy ramings hersien en indien die huidige verwagtinge verskil van die bestaande moet die reswaarde, waardeverminderingsmetode of nuttige lewensduur aangepas word. Die verandering in die reswaarde, waardeverminderingsmetode of lewensduur word verantwoord as 'n verandering in rekeningkundige raming.

| Bateklas | Reswaarde |
|---|---|
| Voertuie | 20% |

**MEDIESE AFTREEVOORDEELVERPLIGTING**

Die mediese aftreevoordeelverpligting word jaarliks deur 'n aktuaris waardeer en die waarde wat erken word in die finansiële state aangepas. Die bepaling van die verpligting vereis aannames oor die gesondheids-inflasiekoers, gebruikersinflasiekoers, verwagte lewensduur en die verdiskonteringskoers wat gebruik word.

## 4. BELEGGINGSEIENDOM

Beleggingseiendom word as 'n bate erken wanneer dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele wat met die beleggingseiendom geassosieer word, die onderneming sal toeval en die koste van die beleggingseiendom betroubaar bepaal kan word.

Beleggingseiendom word aanvanklik teen kosprys erken. Transaksiekoste word by die aanvanklike berekening ingesluit.

Die kosprys sluit koste in wat aanvanklik en daarna aangegaan is ten einde by eiendom aan te bou, 'n deel daarvan te vervang, of dit op te gradeer.

**BILLIKE WAARDE**

Ná aanvanklike erkenning word beleggingseiendom teen billike waarde erken. 'n Wins of verlies voortspruitend uit 'n verandering in billike waarde word ingesluit in wins of verlies vir die tydperk waarin dit voorkom.

In die geval waar die billike waarde van beleggingseiendom onder konstruksie nie bepaalbaar is nie, word dit erken teen kosprys totdat dit bepaalbaar word of konstruksie van die eiendom voltooi is.

## 5. EIENDOM, MASJINERIE EN TOERUSTING

Eienaargeokkupeerde eiendom word getoon teen billike waarde. Verandering in billike waarde word verantwoord in ander omvattende inkomste en ingesluit in 'n nieverdeelbare reserwe.

Geen waardevermindering word op grond afgeskryf nie. Waar die maatskappy en filiale beleggings eiendomme besit, word die eiendomme in die maatskappy en filiale se state teen billikewaardes getoon. Verandering in billike waarde word verantwoord in 'n nieverdeelbare reserwe nadat die toepaslike belasting voorsien is.

Masjinerie en toerusting word teen hul gedepresieerde kospryse getoon ná voorsiening vir waardedaling. Waardevermindering word op die reguitlyngrondslag voorsien met inagneming van die oorblywende reswaarde en verwagte bruikbare lewensduur van die bates. Waardevermindering is die stelselmatige toewysing van die depresieerbare bedrag van die bate oor sy bruikbare lewensduur ooreenkomstig die basis waarop toekomstige ekonomiese voordele uit die bate realiseer. Indien die reswaarde gelyk is aan, of groter as die drawaarde is, word geen waardevermindering voorsien nie. Die reswaarde en verwagte bruikbare lewensduur van die bates word op elke jaareinde hersien en, waar nodig, aangepas.

Waar beduidende gedeeltes van 'n bate op verskillende bruikbare lewensduurtes dui, word dit as afsonderlike komponente (beduidende gedeeltes) van sodanige bates erken. Kospryse sluit koste in wat regstreeks op die verkryging van eiendom, masjinerie en toerusting betrekking het, asook enige koste wat daarna aangegaan is indien dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele verbonde aan die bateklas die groep sal toeval en die koste betroubaar gemeet kan word. Alle ander koste word in wins of verlies verreken wanneer dit aangegaan word.

Kapitaalprojekte word as 'n bate erken wanneer redelike sekerheid bestaan dat toekomstige ekonomiese voordele na die groep sal vloei. Geen waardevermindering word op hierdie projekte voorsien nie, totdat sodanige projek voltooi is en die bates in gebruik geneem word.

Waardevermindering word voorsien op alle eiendom, masjinerie en toerusting, uitgesluit grond en beleggingseiendomme, ten einde die kosprys, minus die reswaarde, op 'n reguitlyngrondslag oor hul bruikbare lewensduur oor die volgende tydperke af te skryf:

| **Bateklas** | **Gemiddelde lewensduur** |
|---|---|
| Geboue en diensnetwerke | 10 tot 50 jaar |
| Voertuie, meubels en vaste toebehore | 4 tot 9 jaar |
| Rekenaarhardeware | 3 tot 5 jaar |

Lewensduur en reswaardes word hersien sodra daar bewys is dat dit verander moet word.

## 6. ONTASBARE BATES

'n Ontasbare bate word erken wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele toeskryfbaar aan die bate die entiteit sal toeval en die koste van die bate betroubaar bepaal kan word.

Ontasbare bates word aanvanklik teen kosprys erken. Ná aanvanklike erkenning word die bates teen kosprys minus opgehoopte amortisasie en enige waardedalingsverliese getoon.

Daar word aanvaar dat 'n ontasbare bate 'n onbepaalde lewensduur het wanneer daar op grond van alle toepaslike faktore geen voorsienbare perk is op die tydperk wat die bate na verwagting netto kontantvloei sal genereer nie. Daar word nie amortisasie vir dié ontasbare bates voorsien nie. Vir alle ander ontasbare bates word amortisasie op 'n reguitlyngrondslag oor die verwagte lewensduur daarvan voorsien.

Die bruikbare lewensduur van ontasbare bates is 'n maksimum van tien jaar, behalwe met 'n geregtelike langer periode. Die lewensduur en amortisasiemetode word aan die einde van elke finansiële jaar hersien en, waar nodig, aangepas.

Amortisasie word voorsien op alle ontasbare bates, uitgesluit klandisiewaarde, ten einde die kosprys op 'n reguitlyngrondslag oor hul bruikbare lewensdure af te skryf oor die volgende tydperke:

| **Bateklas** | **Gemiddelde lewensduur** |
|---|---|
| Konsessies | 3 jaar |
| Rekenaarsagteware | 2 tot 6 jaar |

## 7. BELEGGINGS IN FILIALE EN GESAMENTLIK BEHEERDE ONDERNEMINGS, ASOOK KONSOLIDASIEBASIS

Filiale is entiteite onder beheer van die houermaatskappy. Beheer is die vermoë om die finansiële en bedryfsbeleide te beheer ten einde voordeel uit die bedrywighede te verkry. Die groep beheer 'n filiaal wanneer die groep blootgestel is aan, of geregtig is op, veranderlike opbrengste vanweë die groep se betrokkenheid by die filiaal en wanneer die groep oor die vermoë beskik om sodanige opbrengste deur effektiewe beheer te beïnvloed.

Die finansiële state van die houermaatskappy erken die belange in filiale teen kosprys, minus waardedalings. Die groep evalueer op elke verslagdoeningsdatum of daar enige objektiewe bewys bestaan dat die belegging in die filiale waardedalings ondergaan het. Indien dit die geval is, bereken die groep die bedrag van die waardedaling as die verskil tussen die verhaalbare bedrag van filiale en hul drabedrag en erken die bedrag in wins of verlies.

Ingesluit in die groep se finansiële state is die bates, laste, inkomste, uitgawes, asook die kontantvloei van die filiale. Intergroeptransaksies en balanse tussen groepsentiteite, asook die beleggingswaarde en ooreenstemmende ekwiteit word uitgeskakel en niebeherende belange word erken.

Filiale word ten volle gekonsolideer vanaf die datum waarop beheer verkry word. Hierdie entiteite word nie gekonsolideer in die groepstate vanaf die datum waarop beheer nie meer deur die groep uitgeoefen word nie.

Die rekeningkundige beleid van die filiale is in ooreenstemming met die houermaatskappy van die groep. Soortgelyke transaksies binne die groep word konsekwent op dieselfde rekeningkundige basis verantwoord.

Gesamentlik beheerde ondernemings is sakeondernemings waarin die maatskappy tesame met een of meerdere ander entiteite, 'n ekonomiese aktiwiteit beoefen wat onderworpe is aan gesamentlike beheer en waar kontraktueel ooreengekom is om beheer by wyse van konsensusbesluitneming uit te oefen. Die drawaarde van die maatskappy se belang in gesamentlik beheerde ondernemings word volgens die kosprys van die belegging, na aanpassing van waardedalings, verantwoord.

Die maatskappy evalueer op elke verslagdoeningsdatum of daar enige objektiewe bewys bestaan dat die ongesekureerde gedeelte van die belegging in die gesamentlik beheerde ondernemings waardedalings ondergaan het. Indien dit die geval is, bereken die maatskappy die bedrag van die waardedaling as die verskil tussen die verhaalbare bedrag van die belegging in gesamentlik beheerde ondernemings en hul drabedrag en erken die bedrag in wins of verlies.

Sodra die groep seker is van winste en daarop geregtig word, word die ekwiteitsmetode van verantwoording toegepas. In die toepassing van die ekwiteitsmetode word die groep se aandeel in opgehoopte fondse en beweging van reserwes vanaf die effektiewe datum waarop die entiteit 'n gesamentlik beheerde onderneming geword het, tot met die effektiewe datum van vervreemding in ag geneem.

Met die ekwiteitsmetode word die belegging in die gesamentlik beheerde

onderneming gedra in die staat van finansiële stand teen kosprys plus veranderinge vanaf verkrygingsdatum tot die mate van die groep se belang. Die aandeel in die resultate van die bedrywighede van gesamentlik beheerde ondernemings word getoon in wins of verlies. Waar daar 'n verandering in ander omvattende inkomste van die gesamentlik beheerde onderneming is, erken die groep sy gedeelte in die veranderinge en openbaar dit in die staat van verandering in ekwiteit indien toepaslik. Ongerealiseerde winste of verliese voortspruitend uit transaksies tussen die groep en die gesamentlik beheerde onderneming word uitgeskakel tot die mate van die groep se belang in die gesamentlik beheerde ondernemings.

Die aandeel in die resultate van die gesamentlik beheerde ondernemings word erken in wins of verlies. Dit is die wins of verlies toeskryfbaar aan die ekwiteitshouers van die gesamentlik beheerde onderneming en gevolglik is dit die wins na belasting en niebeherende belang in die gesamentlik beheerde ondernemings.

'n Besigheidsamevoeging van entiteite of ondernemings onder gemeenskaplike beheer is 'n besigheidsamevoeging waar al die entiteite of ondernemings wat gekombineer word uiteindelik beheer word deur dieselfde party of partye beide voor en ná die besigheidsamevoeging en waar daardie beheer nie tydelik van aard is nie.

Bates en laste wat verkry word weens besigheidsamevoegings wat ontstaan het as gevolg van die oordrag van belange in entiteite wat onder die beheer staan van die aandeelhouer wat daardie maatskappy beheer, word erken teen die drawaarde wat voorheen in die maatskappy se gekonsolideerde finansiële state erken is. Enige kontant betaal vir die verkryging van die surplus in die netto drawaarde word direk in ekwiteit verantwoord.

# 8. FINANSIËLE INSTRUMENTE

## HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE REKENINGE

**Klassifikasie**

Handels- en ander ontvangbare rekeninge uitgesluit, waar van toepassing, BTW en vooruitbetalings, word geklassifiseer as finansiële bates gemeet teen geamortiseerde koste.

Dit word op hierdie wyse geklassifiseer omdat hul kontraktuele terme op gespesifiseerde datums tot kontantvloei lei, wat uitsluitlik bestaan uit betalings van die kapitaal en rente op die uitstaande verpligting. Die groep se sakemodel is om die kontraktuele kontantvloei op handels- en ander ontvangbare rekeninge in te vorder.

**Erkenning en meting**

Handels- en ander ontvangbare rekeninge word erken wanneer die groep 'n party word tot die kontraktuele bepalings van die afgeleide instrumente. Dit word by aanvanklike erkenning teen transaksiewaarde en daarna teen geamortiseerde koste gemeet. Die geamortiseerde koste is die bedrag wat aanvanklik op die debiteur erken word, minus hoofterugbetalings, plus kumulatiewe amortisasie (rente) deur die effektiewe rentemetode van enige verskil tussen die aanvanklike bedrag en die vervaldatum, aangepas vir enige verliestoelae.

**Waardedaling- en afskryfbeleid**

Voorsiening word gemaak vir geraamde nieverhaalbare bedrae en word erken in wins of verlies indien daar 'n objektiewe bewys bestaan dat die bate nie invorderbaar is nie. Die groep skryf 'n debiteur af wanneer daar inligting is wat aandui dat die teenparty ernstige finansiële uitdagings ervaar en daar geen realistiese vooruitsig op herstel is nie (bv. wanneer die teenparty onder likwidasie geplaas is). Debiteure wat afgeskryf is, kan steeds onderhewig wees aan verhalings ingevolge die groep se herstelprosedures, met inagneming van regsadvies waar van toepassing. Enige verhaling wat gemaak word, word erken in wins of verlies.

Vir debiteure en krediteure met vereffeningsterme van minder as een jaar, word die drawaarde geag die billike waarde te wees, weens die korttermynaard daarvan. Alle ander langtermyndebiteure word gewaardeer teen hul huidige waardes om te bepaal wat die mees waarskynlike billike waardes is en indien wesenlik, word dit so aangetoon.

## HANDELS- EN ANDER BETAALBARE REKENINGE

**Klassifikasie**

Handels- en ander betaalbare rekeninge, uitgesluit BTW en vooruitontvangde inkomste, word as finansiële laste geklassifiseer en daarna teen geamortiseerde koste gemeet.

Finansiële instrumente word erken wanneer die groep 'n party tot die kontraktuele bepalings word en word by aanvanklike erkenning teen transaksiewaarde gemeet. Finansiële instrumente word vervolgens teen geamortiseerde koste gemeet volgens die effektiewe rentemetode. Die effektiewe rentemetode is 'n metode vir die berekening van die geamortiseerde koste van 'n finansiële las en die toekenning van finansieringskoste oor die betrokke tydperk. Die effektiewe rentekoers is die koers wat toekomstige kontantbetalings (insluitende alle geld betaal of ontvang wat 'n integrale deel van die effektiewe finansieringskoste, transaksiekoste en ander premies of kortings vorm) deur die verwagte lewensduur van die finansiële las, of (waar toepaslik) 'n korter tydperk tot die geamortiseerde koste van 'n finansiële las verdiskonteer word.

As handels- en ander betaalbare rekeninge 'n beduidende inansieringskomponent bevat en die effektiewe rentemetode lei tot die erkenning van rentekoste, word dit ingesluit in wins of verlies in finansieringskoste.

**Handels- en ander betaalbare rekeninge gedenomineer in buitelandse valuta**

Wanneer handelskrediteure in 'n buitelandse geldeenheid gedenomineer word, word die drabedrag van die krediteure vasgestel in die voorgestelde geldeenheid. Die drabedrag word dan aan die einde van elke verslagdoeningstydperk. Enige gevolglike buitelandse valuta winste of verliese word erken in wins of verlies in die ander inkomstelyn.

**Kontant en kontantekwivalente**

Kontant en kontantekwivalente word teen geamortiseerde koste getoon.

**Oortrokke bankrekeninge en lenings aangegaan**

Oortrokke bankrekeninge en lenings aangegaan word aanvanklik erken teen transaksiewaarde. Ná aanvanklike erkenning word dit erken teen geamortiseerde koste deur gebruik te maak van die effektiewe rentemetode. Enige verskil tussen die opbrengs (netto van transaksiekoste) en die vereffeningsbedrag vir lenings word erken oor die termyn van die lenings en ooreenkomstig die groep se beleid rakende leenkoste

**Lenings toegestaan en ontvangbare bedrae**

Lenings toegestaan en ontvangbare bedrae bestaan uit finansiële bates met vaste of bepaalbare voorwaardes wat nie in 'n aktiewe mark verhandel word nie. Sodanige bedrae sluit lenings aan filiale in en word met aanvanklike erkenning gemeet teen transaksiewaarde, behalwe as die rentekomponent wesenlik is. Ná aanvanklike erkenning word dit gemeet teen geamortiseerde koste deur gebruik te maak van die effektiewe rentemetode

## ONTERKENNING

**Finansiële bates**

Die groep onttrek slegs 'n finansiële bate wanneer die kontraktuele regte op die kontantvloei uit die bate verval of wanneer al die risiko's en belonings van eienaarskap van die bate wesenlik aan 'n ander party oordra. As die groep nie wesenlik kontraktuele regte op die kontantvloei  van al die risiko's en voordele van

eienaarskap en die beheerde bate steeds beheer, oordra nie, sal die groep sy belang in die bate en 'n gepaardgaande aanspreeklikheid vir bedrae wat hy moet betaal, erken. As die groep nie al die wesenlik risiko's en voordele van eienaarskap van die finansiële bate erken nie, sal die groep steeds die finansiële bate en die versekerde lenings vir die ontvangste erken.

**Finansiële laste**
Die groep onttrek finansiële laste op die tydstip wanneer die groep se verpligtinge opgehef word, gekanselleer word of verval. Die verskil tussen die drabedrag van die finansiële las wat onterken is en die teenprestasie betaalbaar, insluitend enige niekontant bates wat oorgedra is of verpligtinge wat opgeneem is, word in wins of verlies erken.

# 9. BELASTING

### NORMALE INKOMSTEBELASTING

Voorsiening word gemaak vir inkomstebelasting ten opsigte van belasbare inkomste ingevolge geldende belastingwetgewing. Normale inkomstebelasting word voorsien teen toepaslike belastingkoerse en is gegrond op die resultate vir die finansiële jaar, soos aangepas vir vrygestelde inkomste en nie-aftrekbare uitgawes, deur riglyne toe te pas wat uitgereik is deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens vir openbare weldaadsaktiwiteite. Sakebedrywighede is onderhewig aan normale inkomstebelasting.

### UITGESTELDE BELASTING

'n Uitgestelde belastinglas word vir alle belasbare tydsverskille erken, buiten in soverre die uitgestelde belastinglas spruit uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie wat ten tyde van die transaksie nie die rekeningkundige wins of die belasbare wins of belastingverlies beïnvloed nie.

Die bedrag van uitgestelde belasting is voorsien op die verwagte realisering of vereffening van die uitgestelde belastingbates en -verpligtinge gegrond op die toepassing van geldende belastingkoerse op jaareinde. Uitgestelde belastingbates ten opsigte van onbenutte belastingverliese word erken tot die mate wat dit waarskynlik is dat toekomstige belasbare winste beskikbaar sal wees waarteen die onbenutte belastingverliese aangewend kan word. Uitgestelde belastingbates word jaarliks oorweeg vir waardedaling. Uitgestelde belastingsaldo's word teen huidige belastingkoerse getoon. Die meting van uitgestelde belasting reflekteer die belastinggevolge vir die groep.

# 10. VOORRAAD

Handelsvoorraad, wat insluit boekevoorraad, erwe en verbruiksvoorraad, word waardeer teen geweegde gemiddelde kosprys of beraamde netto realiseerbare waarde, welke ook die laagste is.

Die koste van voorraad bestaan uit alle verkrygingskoste, omskeppingskoste en enige ander koste wat aangegaan word om die voorraad te bring tot in die toestand waarin dit verkoop kan word.

Erwe vir ontwikkeling se koste bestaan uit alle verkrygingskoste, omskeppingskoste en enige ander koste wat aangegaan word om die voorraad te bring tot in die toestand waarin dit gereed is om verkoop te word.

Die netto realiseerbare waarde is die beraamde verkoopsprys in die gewone gang van die besigheid minus die beraamde koste van afhandeling en die beraamde koste wat nodig is om die verkoop te doen.

Wanneer voorraad verkoop of verbruik word, word die drabedrag van die voorraad as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin die verwante inkomste erken word. Die

bedrag van enige afwaartse waardasie van voorraad tot netto realiseerbare waarde en alle voorraadtekorte word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin die afwaartse waardasie of voorraadtekort voorkom. Die terugskrywing van 'n vorige afskrywing van voorraad, wat ontstaan uit 'n verhoging in netto realiseerbare waarde, word in die tydperk waarin die terugskrywing ontstaan, erken as 'n vermindering van koste van verkope wat voorheen as uitgawe erken is.

## 11. NIEBEDRYFSBATES GEHOU VIR VERKOOP

Niebedryfsbates gehou vir verkoop word geklassifiseer as gehou vir verkoop indien die drabedrag verhaal sal word deur 'n verkoopstransaksie eerder as deur voortgesette gebruik. Die voorwaarde word as nagekom beskou slegs wanneer die verkoop hoogs waarskynlik is en die bate vir onmiddellike verkoop in sy huidige toestand beskikbaar is.

Niebedryfsbates gehou vir verkoop word gemeet teen die laagste van die drawaarde of billike waarde ná aftrekking van geraamde realisasiekoste. 'n Waardedalingsverlies word erken in wins of verlies ten opsigte van enige aanvanklike en daaropvolgende afskrywing van die bate na sy billike waarde ná aftrekking van geraamde realisasiekoste. 'n Wins met betrekking tot enige daaropvolgende toename in die billike waarde ná aftrekking van geraamde realisasiekoste, word erken in wins of verlies, beperk tot die kumulatiewe waardedalingsverlies soos voorheen erken. Waardevermindering word gestaak op niebedryfsbates gehou vir verkoop vanaf die datum waarop die besluit geneem is om die bates te verkoop.

## 12. WAARDEDALING VAN BATES

'n Beoordeling word jaarliks op jaareinde gedoen op elke kontantgenererende eenheid sowel as individuele bateklasse vir die toepaslikheid van waardedalings op bates, gegrond op tegniese, ekonomiese en besigheidsomstandighede soos toepaslik vir die groep. Indien daar enige aanduiding bestaan dat 'n bateklas geaffekteer mag wees, word die verhaalbare bedrag van sodanige bateklas bereken ten einde die omvang van die waardedalingsverlies te bepaal. Waardedalingsverliese word erken in wins of verlies sodra die drawaarde van bates hoër is as die verhaalbare bedrag.

In 'n geval waar 'n voorheen erkende waardedalingsverlies omkeer, word die drawaarde van die bates of kontantgenererende eenheid verhoog met die hersiene raming van sy verhaalbare bedrag beperk tot die drawaarde wat erken sou gewees het indien geen waardedalingsverliese erken is nie. Die terugskrywing van waardedalingsverliese word in wins of verlies erken in die periode waarop dit betrekking het.

## 13. WERKNEMERSVOORDELE

### KORTTERMYNWERKNEMERSVOORDELE

Die koste van alle korttermynwerknemersvoordele word erken in die periode waarin die werknemer dienste verrig en word nie verdiskonteer nie.

Die verwagte koste van bonusse word erken as 'n uitgawe wanneer daar 'n wetlike of afgeleide verpligting bestaan om die bonusse te betaal as gevolg van prestasies in die verlede.

### MEDIESE AFTREEVOORDEEL

Maatskappybydraes tot mediese fondse word in die jaar waarin dit betaal word in wins of verlies verantwoord en vorm deel van die werknemer se totale vergoedingspakket. Die groep bied geen mediese aftreevoordele aan werknemers wat hulle ná 1 Maart 2006 by die groep aangesluit het nie. Kwalifiserende werknemers wat voor die effektiewe datum in diens geneem is, se mediese aftreevoordeel is óf afgekoop óf word uitbetaal, soos met werknemers ooreengekom is.

Die verpligting vir mediese aftreevoordele verteenwoordig die huidige waarde van die verstreke diensaanspreeklikheid ten opsigte van kwalifiserende voormalige werknemers. Die groep het nie beduidende blootstelling aan enige ander mediese aftreevoordeelverpligtinge nie. Die dienskosteaanspreeklikheid wat jaarliks aan huidige werknemers uitbetaal word, word aangepas ooreenkomstig die mediese verbruikersprysindeks en as 'n uitgawe in wins of verlies erken. Die groep het ten volle voorsiening gemaak vir die mediese bydrae-verpligting van voormalige werknemers wat nie onder die huidige afkoopskema gedek word nie.

Aktuariële waardasies word op 'n gereelde grondslag deur 'n onafhanklike aktuaris uitgevoer. Aktuariële wins of verlies word in die jaar waarin dit ontstaan in ander omvattende inkomste erken.

**PENSIOEN**

Die groep bied geen direkte pensioenvoordele aan voormalige werknemers nie. Aftreevoordele vir alle kwalifiserende personeel word by wyse van deelname aan 'n geregistreerde sambreelpensioenfonds gereguleer soos deur die Wet op Pensioenfondse (Wet 24 van 1956) voorgeskryf. Hierdie pensioenfonds struktureer voordele ooreenkomstig 'n omskrewe bydraeplan. Die bates van die fonds, insluitend dié wat met aktuariële surplusse verband hou, word afsonderlik van die groep se bates in die pensioenfonds gehou. Die maandelikse bydraes aan die pensioenfonds word deur die werknemers en die deelnemende werkgewers in die groep gemaak. Die reëls van die pensioenfonds maak ook daarvoor voorsiening dat werknemers verdere bydraes tot die fonds kan maak om hulle aftreevoordeel te verhoog.

Omskrewe bydraeplanne plaas geen verdere wetlike of afgeleide verpligting op deelnemende werkgewers om verdere bydraes te maak indien die fonds nie voldoende bates het om werknemersvoordele met bedanking of aftrede te befonds nie. Bydraes tot die pensioenfonds word as 'n persentasie van totale vergoeding vasgestel en word in wins of verlies erken soos dit oorbetaal word.

## 14. VOORSIENINGS, VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE EN POTENSIËLE BATES

Voorsienings word erken wanneer die groep as gevolg van 'n vorige gebeurtenis, 'n huidige of afgeleide verpligting het, dit waarskynlik is dat 'n uitvloei van fondse nodig sal wees om die verpligting te vereffen en die omvang daarvan betroubaar geraam kan word. Voorsienings word gemeet teen die huidige billike waarde van die bedrae wat betaal sal moet word om die verpligting te vereffen.

Moontlike verpligtinge van die groep waarvan die bestaan slegs bevestig sal word by die plaasvind van onsekere toekomstige gebeurtenisse waaroor die groep nie volle beheer het nie, en huidige verpligtinge waar dit onwaarskynlik is dat 'n uitvloei van ekonomiese voordele nodig sal wees om die verpligtinge te vereffen of waar die bedrag van die verpligtinge nie betroubaar bepaal kan word nie, word nie in die staat van finansiële stand erken nie, maar in die direkteursverslag en/of in die aantekeninge tot die finansiële state geopenbaar.

Potensiële bates van die groep waarvan die bestaan slegs bevestig sal word by die plaasvind van onsekere toekomstige gebeurtenisse waaroor die groep nie volle beheer het nie, word nie in die staat van finansiële stand erken nie, maar in die aantekeninge tot die finansiële state geopenbaar.

## 15. OMSETSAMESTELLING EN INKOMSTE

Omset verteenwoordig gefaktureerde lewerings nadat handelskorting, hoeveelheidskorting en belasting op toegevoegde waarde afgetrek is ten opsigte van handels- en ander bedryfsaktiwiteite.

Handelsinkomste verteenwoordig inkomste gehef vir goedere en dienste gelewer. Inkomste word erken teen die billike waarde van die teenprestasies wat ontvang of ontvangbaar is vir goedere en dienste wat in die normale gang van sake verskaf

word, ná aftrekking van handelskorting, hoeveelheidskorting en belasting op toegevoegde waarde.

Items wat ingesluit word by ander inkomste, maar wat uitgesluit word van handelsinkomste, verteenwoordig daardie items wat nie direk verband hou met normale handelsaktiwiteite nie, wat insluit ledegeld, perseelverhurings, skenkings ontvang, inkomste uit studieleningsfondse, inkomste uit beleggingsaktiwiteite en wins met die vervreemding van eiendom, masjinerie en toerusting, asook ontasbare bates. Inkomste word in berekening gebring in die rekeningpligtige tydperk waarin dit die groep toeval.

**TOTALE INKOMSTE UIT DIE VERKOOP VAN GOEDERE EN DIENSTE WORD ERKEN WANNEER AL DIE VOLGENDE VOORWAARDES NAGEKOM IS:**

- Die groep het die wesenlike risiko's en belonings van eienaarskap van die goedere aan die koper oorgedra;
- Die groep behou nie voortgesette bestuursbetrokkenheid wat gewoonlik met eienaarskap of effektiewe beheer van die verkoopte goedere geassosieer word nie;
- Die inkomstebedrag kan akkuraat vasgestel of met sekerheid bepaal word;
- Die ekonomiese voordeel verbonde aan die transaksie sal waarskynlik die groep toeval; en
- Wanneer die koste wat ten opsigte van die transaksie aangegaan is of wat aangegaan sal word betroubaar bepaal kan word.

**LEWERING VAN DIENSTE**

- Inkomste uit die lewering van die diens word erken wanneer die diens gelewer is;
- Inkomste op akkommodasie en kampering word erken oor die tydperk van die bespreking;
- Vooruitbetaalde inkomste word as 'n bedryfslas erken teen die waarde van die vooruitbetaling;
- Administratiewe inkomste word erken indien die tydperk van bespreking verstryk het;
- Inkomste op konferensies word erken ten tyde van die konferensie;
- Projekinkomste en inskrywingsgeld word erken op die kontant ontvang vir die spesifieke projek;
- Vermaakinkomste word erken ten tyde van die vermaaklikheidsfunksie;
- Ledegeld word erken wanneer dit ontvang word oor die verwante tydperk, ooreenkomstig die statute.

## 16. HUURKONTRAKTE

Huurkontrakte word as finansiële hure of bedryfshure met inwerkingtreding van die kontrak geklassifiseer.

**IN DIE HOEDANIGHEID AS VERHUURDER**

Huurinkomste ingevolge bedryfshuurkontrakte word op 'n reguitlyngrondslag in wins of verlies oor die termyn van die betrokke huurkontrak erken, of op 'n ander basis indien sodanige basis meer verteenwoodigend is van die patroon waarin die gebruiker die voordeel ontvang.

**IN DIE HOEDANIGHEID AS HUURDER**

Huurgeld betaalbaar ingevolge bedryfshuurkontrakte word op 'n reguitlyngrondslag in wins of verlies oor die termyn van die betrokke huurkontrak as 'n uitgawe erken, of op 'n ander basis indien sodanige basis meer verteenwoodigend is van die patroon waarin die huurder die voordeel ontvang.

## 17. FINANSIERINGSINKOMSTE

Finansieringsinkomste word op 'n proporsionele tydsgrondslag, gebaseer op die drawaarde van die lening en teen 'n toepaslike rentekoers verantwoord.

## 18. FINANSIERINGSKOSTE

Finansieringskoste met eksterne partye word in wins of verlies as 'n uitgawe erken op 'n proporsionele tydsgrondslag, gegrond op die werklike leningsbedrag teen markverwante rentekoerse.

Finansieringskoste met verwante partye word in wins of verlies as 'n uitgawe erken op 'n proporsionele tydsgrondslag, gegrond op die leningsbedrag en teen rentekoerse soos van tyd tot tyd tussen die partye ooreengekom word.

## 2. BELEGGINGSEIENDOM

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| **Rekonsiliasie van die beweging in die drabedrag** | **2022 R'000** | **2021 R'000** | **2022 R'000** | **2021 R'000** |
| Saldo aan die begin van die jaar | 247 790 | 236 200 | 296 698 | 334 397 |
| Toevoegings | 3 732 | 71 | 7 575 | 8 197 |
| Herklassifikasie vanaf eiendom, masjinerie en toerusting * | - | 7 790 | - | - |
| Herklassifikasie na bates gehou vir verkoop ** | (6 000 ) | - | - | - |
| Vervreemdings | - | - | (3 044 ) | - |
| Billikewaardeaanpassings | (4 313 ) | 3 729 | 9 293 | (45 896 ) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | 241 209 | 247 790 | 310 522 | 296 698 |

* Eiendom ter waarde van R7,790 miljoen is geherklassifiseer as beleggingseiendom vanaf eiendom, masjinerie en toerusting.

** Eiendom ter waarde van R6 miljoen is geherklassifiseer as bates gehou vir verkoop aangesien bestuur beoog om die bates binne die volgende 12 maande te verkoop.

**Eiendomme beswaar as sekuriteit**
Sekere eiendomme in die groep is beswaar soos aangedui in aantekening 31.

'n Register met die besonderhede van eiendomme is ter insae beskikbaar by die sakeadres van die ATKV-hoofkantoor.

**Groep**
***Kommersiële sentrum in Hartenbos***
Die kommersiële sentrum is op 28 Februarie 2022 waardeer deur 'n onafhanklike waardeerder. Die waardasie is uitgevoer deur mnr. M Gibbons van Mills Fitchet Penny. Mnr. Gibbons is sonder enige beperkinge ingevolge die Wet op die Eiendomswaardeerdersprofessie (Wet 47 van 2000) as 'n professionele waardeerder geregistreer en 'n lid van die Instituut van Waardeerders. Mills Fitchet Penny se waardeerder is onafhanklik van die maatskappy en het genoegsame ondervinding rakende die ligging en gebruik van die beleggingseiendom wat gewaardeer is.

***Kantoorgebou te Pretoria-middestad***
'n Vasgestelde markprys is gebruik in die huidige finansiële jaar ('n bestuurswaardasie is uitgevoer in die vorige jaar).

**Maatskappy**
Die beleggingseiendom in die maatskappy bestaan uit die nieroerende bates wat aan ATKV-Sake (RF) (Edms.) Bpk. verhuur word en word getoon teen billike waarde. Hierdie beleggingseiendom word geag eienaarsgeokkupeerd te wees op groepvlak. 'n Waardasie is uitgevoer in die huidige en vorige finansiële jaar deur Spectrum Valuations & Asset Solutions, onafhanklike waardeerders met die nodige ondervinding rakende die ligging en gebruik van die beleggingseiendom wat waardeer is.

**Billikewaarderaming**

**Groep**

| Tegniek | 2022 Vergelykbare verkoopswaarde | 2021 Vergelykbare verkoopswaarde | 2022 Vrye kontantvloei | 2021 Vrye kontantvloei |
|---|---|---|---|---|
| Kapitalisasiekoers | **-** | - | **8,5%** | 8,5% |
| Verdiskonteringskoers | **-** | 10,3% | **13,5%** | 13,5% |
| Terminasiekoers | **-** | 4,5% | **-** | - |
| Huurinkomste-eskalasiekoers | **-** | 5,5% | **5%** | 5% |

**Maatskappy**

| Tegniek | 2022 Gekapitaliseerde markwaarde | 2021 Gekapitaliseerde marwaarde |
|---|---|---|
| Kapitalisasiekoers | **10,5% - 10,75%** | 10,5% - 10,75% |

Interverwantskap tussen niewaarneembare insette en die billikewaardemeting: Die beraamde billike waarde sal toeneem/(afneem) indien:

- die verdiskonterings-/kapitalisasiekoers afneem/(toeneem);
- die eskalasiekoers toeneem/(afneem); en
- die terminasiekoers toeneem/(afneem).

**Groep**

***Kommersiële sentrum in Hartenbos***

Die vryekontantvloeimetode-waardasietegniek is gebruik in 2022 en 2021. Hierdie metode word as die mees gepaste geag aangesien dit die tydwaarde van geld in ag neem tussen die waardasiedatum en die datums wanneer die inkomstestrome teoreties na markverwante inkomstestrome omgeskakel word. Die sensitiwiteitsontleding toon dat vir elke 100 basispunt verhoging in die kapitalisasiekoers, die billike waarde sal afneem met R11,025 miljoen, terwyl 'n 100 basispunte verlaging in die kapitalisasiekoers die billike waarde met R11,025 miljoen sal laat toeneem.

***Kantoorgebou te Pretoria-middestad***

'n Vasgestelde markprys is gebruik in 2022. Die vergelykbare verkoopswaardetegniek is gebruik in 2021.

**Maatskappy**
Waardasietegniek: Gekapitaliseerde markwaarde. Dié metode bepaal die netto genormaliseerde jaarlikse inkomste van die eiendom, gegrond op die aanname dat die eiendom volledig verhuurbaar is teen markverwante huurkoerse en mark-eskalasies, met inagneming van 'n leegstaanfaktor waar van toepassing. Markverwante bedryfsuitgawes word in ag geneem en die resulterende jaarlikse netto inkomste word gekapitaliseer teen 'n markverwante koers. Die kapitalisasiekoers word bepaal deur die mark (d.w.s. die koers waarteen vergelykbare bates onlangs verhandel het) en word beïnvloed deur opbrengskoerse van vergelykbare eiendom, risiko, veroudering, inflasie, markhuurgroeikoerse, opbrengskoerse op ander beleggings, asook verbandkoerse.

Die sensitiwiteitsontleding toon dat vir elke 100 basispunt verhoging in die kapitalisasiekoers, die billikewaarde sal afneem met R25,8 miljoen, terwyl 'n 100 basispunte verlaging in die kapitalisasiekoers die billike waarde met R31,2 miljoen sal laat toeneem.

**3. EIENDOM, MASJINERIE EN TOERUSTING**

| | 2022 | | | 2021 Herstateer | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Koste/ Waardasie | Opgehoopte waardever-mindering | Drawaarde | Koste/ Waardasie | Opgehoopte waardever-mindering | Drawaarde |
| **GROEP** | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| *Waardasie* | | | | | | |
| Grond, geboue en infrastruktuur | **640 189** | **(2 294)** | **637 895** | 607 475 | (2 934) | 604 541 |
| *Koste* | | | | | | |
| Voertuie, meubels en vaste toebehore | **64 371** | **(33 323)** | **31 048** | 64 884 | (36 551) | 28 333 |
| Rekenaarhardeware | **13 460** | **(3 815)** | **9 645** | 19 363 | (15 082) | 4 281 |
| Kapitaalprojekte in proses | **12 776** | **-** | **12 776** | 55 | - | 55 |
| | **730 796** | **(39 432)** | **691 364** | 691 777 | (54 567) | 637 210 |
| **MAATSKAPPY** | | | | | | |
| *Waardasie* | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Grond, geboue en infrastruktuur | **22 313** | **(2 213)** | **20 100** | 17 163 | (2 213) | 14 950 |
| *Koste* | | | | | | |
| Voertuie, meubels en vaste toebehore | **6 102** | **(3 583)** | **2 519** | 8 554 | (5 934) | 2 620 |
| Rekenaarhardeware | **4 986** | **(2 672)** | **2 314** | 8 794 | (6 782) | 2 012 |
| Kapitaalprojekte in proses | **1 790** | **-** | **1 790** | 55 | - | 55 |
| | **35 191** | **(8 468)** | **26 723** | 34 566 | (14 929) | 19 637 |

**Rekonsiliasie van beweging in eiendom, masjinerie en toerusting – Groep 2022**

| | Grond, geboue en infrastruktuur R'000 | Voertuie, meubels en vaste toebehore R'000 | Rekenaar-hardeware R'000 | Kapitaal-projekte in proses R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | 604 541 | 28 333 | 4 281 | 55 | 637 210 |
| Toevoegings | 26 113 | 6 623 | 7 085 | 12 776 | 52 597 |
| Vervreemdings | (3 044) | (55) | (1) | - | (3 100) |
| Herklassifikasie - vanaf kapitaalprojekte in proses | - | 55 | - | (55) | - |
| Waardevermindering | (19) | (3 908) | (1 720) | - | (5 647) |
| Herwaardasie | 10 304 | - | - | - | 10 304 |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | 637 895 | 31 048 | 9 645 | 12 776 | 691 364 |

**Rekonsiliasie van beweging in eiendom, masjinerie en toerusting – Groep 2021**

| | Grond, geboue en infrastruktuur R'000 | Voertuie, meubels en vaste toebehore R'000 | Rekenaar-hardeware R'000 | Kapitaal-projekte in proses R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | 642 468 | 33 417 | 4 162 | 2 986 | 683 033 |
| Toevoegings | 9 463 | 680 | 2 285 | 55 | 12 483 |
| Vervreemdings | (92) | - | (5) | - | (97) |
| Herklassifikasie - vanaf kapitaalprojekte in proses | 2 433 | 553 | - | (2 986) | - |
| Herklassifikasie na beleggingseiendom | (7 790) | - | - | - | (7 790) |
| Waardevermindering | (125) | (6 317) | (2 161) | - | (8 603) |
| Herwaardasie | (41 816) | - | - | - | (41 816) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | 604 541 | 28 333 | 4 281 | 55 | 637 210 |

**Verandering in bruikbare lewensduur – Groep**

Gedurende die 2021- finansiële jaar het bestuur begin met 'n oorsig met betrekking tot die nuttige lewensduur van meubels, toerusting, voertuie en IT-bates wat afgehandel is in die 2022- finansiële jaar. Gevolglik is die nuttige lewensduur van die bates verleng om konsekwent te wees met die werklike lewensduur van die bates. Verwys na nota 35 vir meer inligting oor die regstellende aanpassings.

**Rekonsiliasie van beweging in eiendom, masjinerie en toerusting – Maatskappy 2022**

| | Grond, geboue en infrastruktuur R'000 | Voertuie, meubels en vaste toebehore R'000 | Rekenaar-hardeware R'000 | Kapitaal-projekte in proses R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | **14 950** | **2 620** | **2 012** | **55** | **19 637** |
| Toevoegings | **-** | **319** | **1 152** | **1 790** | **3 261** |
| Vervreemdings | **-** | **(21)** | **(1)** | **-** | **(22)** |
| Herklassifikasie | **-** | **55** | **-** | **(55)** | **-** |
| Waardevermindering | **-** | **(454)** | **(849)** | **-** | **(1 303)** |
| Herwaardasie | **5 150** | **-** | **-** | **-** | **5 150** |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | **20 100** | **2 519** | **2 314** | **1 790** | **26 723** |

**Rekonsiliasie van beweging in eiendom, masjinerie en toerusting – Maatskappy 2021**

| | Grond, geboue en infrastruktuur R'000 | Voertuie, meubels en vaste toebehore R'000 | Rekenaar-hardeware R'000 | Kapitaal-projekte in proses R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | 14 950 | 3 094 | 588 | - | 18 632 |
| Toevoegings | - | 149 | 2 002 | 55 | 2 206 |
| Waardevermindering | (106) | (623) | (578) | - | (1 307) |
| Herwaardasie | 106 | - | - | - | 106 |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | 14 950 | 2 620 | 2 012 | 55 | 19 637 |

**Billikewaarderaming**

Wesenlike insette wat nie waarneembaar is nie:

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| Kapitalisasiekoers | **10,3% - 10,75%** | 10,3% - 10,75% | **10,3%** | 10,3% |
| Huurinkomste-eskalasiekoers | **NVT** | 6,0% | **NVT** | 6,0% |
| Terminasiekoers | **NVT** | 4,0% | **NVT** | 4,0% |

**GROEP**

Waardasietegniek: Gekapitaliseerde markwaarde. Dié metode bepaal die netto genormaliseerde jaarlikse inkomste van die eiendom, gegrond op die aanname dat die eiendom volledig verhuurbaar is teen markverwante huurkoerse en mark eskalasies, met inagneming van 'n leegstaanfaktor waar van toepassing. Markverwante bedryfsuitgawes word in ag geneem en die resulterende jaarlikse netto inkomste word gekapitaliseer teen 'n markverwante koers. Die kapitalisasiekoers word bepaal deur die mark (d.w.s. die koers waarteen vergelykbare bates onlangs verhandel het) en word beïnvloed deur opbrengskoerse van vergelykbare eiendom, risiko, veroudering, inflasie, markhuurgroeikoerse, opbrengskoerse op ander beleggings asook verbandkoerse.

Die sensitiwiteitsontleding toon dat vir elke 100 basispunt verhoging in die kapitalisasie-koers, die billike waarde sal afneem met R41,2 miljoen, terwyl 'n 100 basispunte verlaging in die kapitalisasiekoers die billike waarde met R49,8 miljoen sal laat toeneem.

**MAATSKAPPY**

Waardasietegniek: Gekapitaliseerde inkomste. Die model gebruik die huidige waarde van inkomste en uitgawes gegrond op die huidige huurooreenkoms, met inagneming van 'n markverwante kapitalisasiekoers. Die kapitalisasiekoers neem die kwaliteit van die eiendom, die ligging en kontrakbepalings in ag.

'n Waardasie is uitgevoer in die huidige finansiële jaar deur Spectrum Valuations & Asset Solutions, onafhanklike waardeerders met die nodige ondervinding rakende die ligging en gebruik van die eiendom wat waardeer is. (2021: 'n Bestuurswaardasie op die Randburg gebou is uitgevoer.) Die sensitiwiteitsontleding toon dat vir elke 100 basispunt verhoging in die kapitalisasiekoers, die billike waarde sal afneem met R1,7 miljoen, terwyl 'n 100 basispunte verlaging in die kapitalisasiekoers die billike waarde met R2,1 miljoen sal laat toeneem.

Interverwantskap tussen niewaarneembare insette en die billikewaardemeting:
Die beraamde billike waarde sal toeneem/(afneem) indien:

- die verdiskonteringskoers of kapitalisasiekoers afneem/(toeneem);
- die eskalasiekoers toeneem/(afneem); en
- die terminasiekoers toeneem/(afneem).

**Eiendomme beswaar as sekuriteit**

Sekere eiendomme in die groep is beswaar soos aangedui in aantekening 31. 'n Register met die besonderhede van eiendomme is ter insae beskikbaar by die sakeadres van die ATKV-hoofkantoor.

## 4. ONTASBARE BATES

| GROEP | 2022 Koste R'000 | 2022 Opgehoopte amortisasie R'000 | 2022 Drawaarde R'000 | 2021 Koste R'000 | 2021 Opgehoopte amortisasie R'000 | 2021 Drawaarde R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Konsessies | **73** | **(55)** | **18** | 73 | (63) | 10 |
| Rekenaarsagteware | **3 356** | **(2 438)** | **918** | 9 107 | (8 645) | 462 |
| Kapitaalprojekte in proses | **384** | **-** | **384** | 320 | - | 320 |
| | **3 813** | **(2 493)** | **1 320** | 9 500 | (8 708) | 792 |

| MAATSKAPPY | 2022 Koste R'000 | 2022 Opge-hoopte amortisasie R'000 | 2022 Drawaarde R'000 | 2021 Koste R'000 | 2021 Opge-hoopte amortisasie R'000 | 2021 Drawaarde R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Rekenaarsagteware | **2 008** | **(1 764)** | **244** | 8 111 | (8 006) | 105 |
| Kapitaalprojekte in proses | **384** | **-** | **384** | 320 | - | 320 |
| | **2 392** | **(1 764)** | **628** | 8 431 | (8 006) | 425 |

**Rekonsiliasie van beweging in ontasbare bates – Groep 2022**

| | Openingsaldo R'000 | Toevoegings R'000 | Herklassifikasie R'000 | Vervreemdings R'000 | Amortisasie R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Konsessies | **10** | **-** | **-** | **-** | **8** | **18** |
| Rekenaarsagteware | **462** | **477** | **100** | **(3)** | **(118)** | **918** |
| Kapitaalprojekte in proses | **320** | **164** | **(100)** | **-** | **-** | **384** |
| | **792** | **641** | **-** | **(3)** | **(110)** | **1 320** |

**Rekonsiliasie van beweging in ontasbare bates – Groep 2021**

| | Openingsaldo R'000 | Toevoegings R'000 | Herklassifikasie R'000 | Vervreemdings R'000 | Amortisasie R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Konsessies | 10 | - | - | - | - | 10 |
| Rekenaarsagteware | 361 | 165 | - | - | (64) | 462 |
| Kapitaalprojekte in proses | 320 | - | - | - | - | 320 |
| | 691 | 165 | - | - | (64) | 792 |

**Rekonsiliasie van beweging in ontasbare bates – Maatskappy 2022**

| | Openingsaldo R'000 | Toevoegings R'000 | Herklassifikasie R'000 | Vervreemdings R'000 | Amortisasie R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Rekenaarsagteware | **105** | **125** | **100** | **(3)** | **(83)** | **244** |
| Kapitaalprojekte in proses | **320** | **164** | **(100)** | **-** | **-** | **384** |
| | **425** | **289** | **-** | **(3)** | **(83)** | **628** |

**Rekonsiliasie van beweging in ontasbare bates – Maatskappy 202**

| | Openingsaldo R'000 | Toevoegings R'000 | Herklassifikasie R'000 | Vervreemdings R'000 | Amortisasie R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Rekenaarsagteware | 4 | 165 | - | - | (64) | 105 |
| Kapitaalprojekte in proses | 320 | - | - | - | - | 320 |
| | 324 | 165 | - | - | (64) | 425 |

## 5. BELEGGINGS IN FILIAALMAATSKAPPYE

| | Aandeelhouding | | Drabedrag | |
|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| **Direkte filiale** | % | % | R'000 | R'000 |
| ATKV-Sake (RF) (Edms.) Bpk. | 100% | 100% | **178 777** | 178 777 |
| ATKV-Buffelspoort Eiendomme (Edms.) Bpk. | 100% | 100% | **-** | - |
| ATKV-Eiendomme (Edms.) Bpk. * | 100% | 100% | **-** | - |
| ATKV-Toerklub (Edms.) Bpk. | 100% | 100% | **200** | 200 |
| ATKV-Beleggings (Edms.) Bpk. | 100% | 100% | **1** | 1 |
| ATKV-Instituut (Edms.) Bpk. | 49,00% | 49,00% | **-** | - |
| **Subtotaal: direkte filiale** | | | **178 978** | 178 978 |
| | | | | |
| **Indirekte filiale** | | | | |
| Pro Seven Star Services (Edms.) Bpk. ** | 100% | 100% | **-** | - |
| ATKV Boekhuis (Edms.) Bpk. | 100% | 100% | **-** | - |
| Hartenbos Seefront (Edms.) Bpk. | 50,83% | 50,83% | **-** | - |
| Majestic Silver Trading 279 (Edms.) Bpk. | 85,00% | 85,00% | **-** | - |
| **Subtotaal: indirekte filiale** | | | **-** | - |
| **Totaal** | | | **178 978** | 178 978 |

* ATKV-Goudini Eiendomme (Edms.) Bpk. se naam het verander na ATKV-Eiendomme (Edms.) Bpk.
** AKTV Projekte (Edms.) Bpk. se naam het verander na Pro Seven Star Services (Edms.) Bpk.

Nulwaardes dui op bedrae minder as R1 000.

Geen wesenlike aannames is toegepas om te bepaal of die ATKV-MSW die filiaalmaatskappye beheer nie.

**Filiale se aandele aangebied as sekuriteit**

Die aandele van filiale (uitgesluit Majestic Silver Trading 279 [Edms Bpk.] en Hartenbos Seefront [Edms Bpk.]) is aan ABSA Bank Bpk. as sekuriteit aangebied vir kredietfasiliteite (verwys aantekening 31).

### 6. LENINGS AAN/(VANAF) FILIALE

| | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|
| | 2022 | 2021 |
| **Lenings aan filiale** | R'000 | R'000 |
| **Direkte filiale** | | |
| ATKV-Buffelspoort Eiendomme (Edms.) Bpk. | **57 746** | 58 552 |
| ATKV-Eiendomme (Edms.) Bpk.k | **54 556** | 51 043 |
| ATKV-Toerklub (Edms.) Bpk. | **3 775** | 4 497 |
| ATKV Beleggings (Edms.) Bpk. | **-** | 198 |
| ATKV-Instituut (Edms.) Bpk. | **6** | - |
| | **116 083** | 114 290 |
| **Indirekte filiale** | | |
| Hartenbos Seefront (Edms.) Bpk. * | **13 268** | 14 587 |
| Pro Seven Star Services (Edms.) Bpk.* * | **17** | - |
| ATKV Boekhuis (Edms.) Bpk. | **3 260** | 3 008 |
| | **16 545** | 17 595 |
| | **132 628** | 131 885 |

| | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|
| | 2022 | 2021 |
| **Lenings vanaf filiale** | R'000 | R'000 |
| **Direkte filiale** | | |
| ATKV-Sake (RF) Edms Bpk * * | **(49 807)** | (57 919) |
| **Indirekte filiale** | | |
| Pro Seven Star Services Edms Bpk* * | **-** | (12 520) |
| **Totaal** | **(49 807)** | (70 439) |
| | | |
| **Geopenbaar as:** | | |
| Niebedryfsbates | **131 102** | 130 562 |
| Bedryfsbates | **1 526** | 1 323 |
| Totale bates | **132 628** | 131 885 |
| Bedryfslaste | **(49 807)** | (70 439) |
| **Totaal** | **82 821** | **61 446** |

**Bepalings van lenings**

Ongesekureerde lenings is deur die maatskappy toegestaan aan direkte en indirekte filiale met geen bepaalde terugbetalingsvoorwaardes nie. Die maatskappy het onderneem om nie terugbetaling binne die volgende 12 maande op te eis nie. Die lenings dra rente teen prima rentekoers wat gewissel het tussen 7,0% en 7,50% (2021 – 7,0% en 9,75%), daagliks saamgestel. Leningsrekeninge is aan ABSA (Edms.) Bpk. gesedeer vir kredietfasiliteite (verwys na aantekening 31).

*Die termynlening aan Hartenbos Seefront (Edms) Bpk teen prima rentekoers minus 1% is terugbetaalbaar in 62 (2021: 74) maandelikse paaiemente van R0,170 miljoen waarvan die kapitale paaiemente jaarliks eskaleer op 1 Januarie met 1,25%. Die lening is ondergeskik gestel aan Absa Bank Bpk., solank as wat Absa Bank Bpk. risiko dra.

** Die ongesekureerde lening vanaf ATKV-Sake (RF) (Edms.) Bpk. en Pro Seven Star Services (Edms.) Bpk. (voorheen ATKV-Projekte (Edms.) Bpk. het geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie en dra geen rente nie.

### 7. LENINGS AAN GESAMENTLIK BEHEERDE ONDERNEMINGS

| | Belang | | Aandele teen kosprys | |
|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| | % | % | R'000 | R'000 |
| Belang in gesamentlik beheerde onderneming | **50%** | 50% | **-** | - |

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| **Niebedryfsbates** | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Lening aan Twee Fonteine Ontwikkelingstrust | **-** | 2 262 | **-** | 2 262 |
| Toelaag vir waardedalingsverlies | **-** | (2 262) | **-** | (2 262) |
| | **-** | - | **-** | - |

Die lening is ongesekureerd en dra rente teen prima rentekoers wat gewissel het tussen 7,0% en 7,5% (2021: 7,0% en 9,75%) op daardie gedeelte van die lening aan die trust tot die mate wat die lening Jomar (Edms.) Bpk. (die ander begunstigde in die trust) se leningsrekening aan die trust oorskry. Gedurende die afgelope finansiële jaar was daar geen rente betaalbaar aan die ATKV-MSW nie. Daar is geen spesifieke terugbetalingsvoorwaardes op die lening nie.

Bestuur het besluit om toelaag te maak vir 'n waardedalingsverlies in die vorige finansiële jaar nadat die invorderbaarheid van die lening ondersoek is. Ná inagneming van al die toepaslike faktore om 'n beraamde huidige invorderbare waarde gegrond op die huidige netto batewaarde van die onderliggende besigheid te bepaal, is voorsiening gemaak vir 'n geraamde waardedalingsverlies van R2,3 miljoen. Die volle uitstaande bedrag is afgeskryf in die huidige finansiële jaar aangesien die lening nie invorderbaar is nie.

**Samevatting van groepsbelange in gesamentlik-beheerde onderneming**
ATKV-MSW het 'n 50%-belang in Twee Fonteine Ontwikkelingstrust. Die trust se hoofdoelstelling is die ontwikkeling van 'n leefstyllandgoed vir vyftigplussers wat 'n mediese dienssentrum insluit. Hierdie ontwikkeling staan bekend as die ATKV Negester-landgoed Onrusrivier. Die opgesomde finansiële inligting van die groep se belang in Twee Fonteine Ontwikkelingstrust is soos volg:

**50%-aandeel in bates, laste en ekwiteit**

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Totale bates | - | 6 421 | - | 6 421 |
| Totale laste | - | (9 478) | - | (9 478) |
| Ekwiteit/(Opgehoopte verlies) | - | (3 057) | - | (3 057) |

**50%-aandeel in inkomste, uitgawes, bedryfswins/(verlies), asook omvattende inkomste**

| | GROEP 2022 | GROEP 2021 | MAATSKAPPY 2022 | MAATSKAPPY 2021 |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste | **6 252** | 542 | **6 252** | 542 |
| Uitgawes | **(6 446)** | (702) | **(6 446)** | (702) |
| Bedryfswins of verlies | **(194)** | (160) | **(194)** | (160) |
| Omvattende wins/(verlies) vir die jaar | **(145)** | (623) | **(145)** | (623) |

Twee Fonteine Ontwikkelingstrust het alle bedrywighede gestaak en is nie meer 'n lopende saak nie.
Alle bates is vervreem en alle laste is vereffen of afgeskryf. Die trust word gederegistreer.

**8. ANDER FINANSIËLE BATES**

| | GROEP 2022 | GROEP 2021 | MAATSKAPPY 2022 | MAATSKAPPY 2021 |
|---|---|---|---|---|
| Lening ontvangbaar | - | 16 940 | - | - |
| Studieleningsfondsdebiteure | **2 364** | 3 890 | **2 364** | 3 890 |
| Voorsienings vir slegte skuld | **(115)** | (168) | **(115)** | (168) |
| | **2 249** | 20 662 | **2 249** | 3 722 |

Studieleningsfondsdebiteure is getoon na 'n waardedalingaanpassing van R0,115 miljoen (2021 - R0,168 miljoen)
Die lening is ontvangbaar vanaf Penguin Random House South Africa. Die lening is onversekerd en dra rente teen 6% per jaar.

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| **Rekonsiliasie van voorsiening vir slegte skuld** | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Openingsaldo | **(168)** | (390) | **(168)** | (390) |
| Slegteskuldvoorsiening teruggeskryf | **168** | 330 | **168** | 330 |
| Voorsien gedurende die jaar | **115** | (108) | **115** | (108) |
| **Sluitingsaldo** | **115** | (168) | **115** | (168) |
| | | | | |
| **Geklassifiseer as** | | | | |
| Niebedryfsbates | **746** | 1 955 | **746** | 1 955 |
| Bedryfsbates | **1 503** | 18 707 | **1 503** | 1 767 |
| | **2 249** | 20 662 | **2 249** | 3 722 |

**9. UITGESTELDE BELASTING**

Uitgestelde kapitaalwinsbelasting op beleggingseiendomme word bereken op 22,4% (2021: 22,4%)

| **Uitgestelde belasting** | | Herstateer | | |
|---|---|---|---|---|
| Die saldo is saamgestel uit die volgende: | | | | |
| Kapitaalwinsbelasting op beleggingseiendom indien verkoop teen billike waarde | **(17 620)** | (18 585) | **1 031** | 3 113 |
| Kapitaalwinsbelasting op eiendom indien verkoop teen billike waarde | **(15 333)** | (13 033) | **(3 416)** | (2 286) |
| Beskikbare belastingverliese | **8 302** | 13 625 | **-** | - |
| Versnelde kapitaalkortings vir belastingdoeleindes | **(41 218)** | (39 176) | **(24 968)** | (23 162) |
| Vooruitontvangde inkomste en voorsienings | **4 658** | 3 692 | **259** | 289 |
| Huuregalisasie | **(2 487)** | (2 341) | **-** | - |
| | **(63 698)** | (55 818) | **(27 094)** | (22 046) |
| **Rekonsiliasie van uitgestelde belasting** | | | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **(54 605)** | (61 154) | **(22 046)** | (26 300) |
| Uitgestelde belasting erken in wins of verlies | **(6 760)** | (4 866) | **(3 901)** | 4 272 |
| Uitgestelde belasting erken in ander omvattende inkomste | **(2 333)** | 10 202 | **(1 147)** | (18) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | **(63 698)** | (55 818) | **(27 094)** | (22 046) |

| | GROEP 2022 R'000 | GROEP 2021 R'000 | MAATSKAPPY 2022 R'000 | MAATSKAPPY 2021 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Geklassifiseer as** | | | | |
| Uitgestelde belastingbate | **-** | 2 845 | **-** | - |
| Uitgestelde belastinglas | **(63 698)** | (58 663) | **(27 094)** | (22 046) |
| | **(63 698)** | (55 818) | **(27 094)** | (22 046) |

Bestuur het dit goedgedink om uitgestelde belastingbates met betrekking tot aangeslane verliese te erken, aangesien daar voldoende belasbare tydelike verskille, asook toekomstige belasbare inkomste beskikbaar sal wees om die belastingvoordeel te benut.

## 10. VOORRAAD

| | GROEP 2022 R'000 | GROEP 2021 R'000 |
|---|---|---|
| Handelsvoorraad | **4 928** | 4 213 |
| Erwe vir ontwikkeling | **25 040** | 18 425 |
| Verbruiksvoorraad | **4 278** | 3 254 |
| | **34 246** | 25 892 |
| | | |
| Handelsvoorraad (bruto) | **5 094** | 4 405 |
| Voorsiening vir stadigbewegende voorraad | **(166)** | (192) |
| | **4 928** | 4 213 |

Geen voorraad is afgeskryf na netto realiseerbare waarde nie.

## 11. HUUREGALISASIE

| **Kontraktuele termyne van huur ontvangbaar volgens huurooreenkomste** | GROEP 2022 R'000 | GROEP 2021 R'000 |
|---|---|---|
| **Ontleding van bedryfshuur ontvangbaar:** | | |
| Ontvangbaar binne 1 jaar | **18 685** | 17 286 |
| Ontvangbaar binne 2 tot 5 jaar | **59 612** | 53 181 |
| Ontvangbaar na meer as 5 jaar | **4 921** | 17 087 |
| | **83 218** | 87 554 |
| Huuregalisasiebate reeds erken | **(8 882)** | (8 361) |
| | **74 336** | 79 193 |
| | | |
| Niebedryfsbates | **8 507** | 8 361 |
| Bedryfsbates | **375** | - |
| | **8 882** | 8 361 |

## 12. HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE REKENINGE

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Finansiële bates** | | | | |
| Handelsdebiteure | **4 275** | 5 915 | **242** | 74 |
| Waardedaling: voorsiening vir oninbare skuld | **(1 604)** | (1 776) | **-** | - |
| Handelsdebiteure netto van voorsiening vir oninbare skuld | **2 671** | 4 139 | **242** | 74 |
| Ander ontvangbare rekeninge | **3 073** | 2 200 | **1 994** | - |
| | **5 744** | 6 339 | **2 236** | 74 |
| **Niefinansiële bates** | | | | |
| Vooruitbetaalde uitgawes | **3** | 58 | **3** | 58 |
| Personeeldebiteure | **116** | 164 | **67** | 49 |
| Deposito's | **1 918** | 1 802 | **65** | 65 |
| BTW ontvangbaar | **1 427** | 1 873 | **-** | - |
| | **3 464** | 3 897 | **135** | 172 |
| **Totaal** | **9 208** | 10 236 | **2 371** | 246 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Rekonsiliasie vir waardedalingsverlies** | | | | |
| Saldo aan begin van jaar | **1 776** | 720 | **-** | - |
| Afgeskryf gedurende jaar | **252** | (30) | **-** | - |
| Aansuiwering gedurende die jaar | **(424)** | 1 086 | **-** | - |
| **Saldo aan einde van jaar** | **1 604** | 1 776 | **-** | - |

## 13. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

| | GROEP 2022 R'000 | GROEP 2021 R'000 | MAATSKAPPY 2022 R'000 | MAATSKAPPY 2021 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:** | | | | |
| Kontant voorhande | **1 279** | 1 280 | **3** | 2 |
| Banksaldo's | **19 926** | 10 679 | **4 810** | 2 778 |
| Korttermyndeposito's | **29 125** | 18 700 | **29 125** | 18 700 |
| Oortrokke bankrekeninge | **(27 283)** | (15 862) | **-** | (257) |
| | **23 047** | 14 797 | **33 938** | 21 223 |
| Bedryfsbates | **50 330** | 30 659 | **33 938** | 21 480 |
| Bedryfslaste | **(27 283)** | (15 862) | **-** | (257) |
| | **23 047** | 14 797 | **33 938** | 21 223 |

Verwys na aantekening 31 rakende waarborge verskaf vir bankoortrekkingsfasiliteite.

## 14. BATES GEHOU VIR VERKOOP

| | GROEP 2022 R'000 | GROEP 2021 R'000 | MAATSKAPPY 2022 R'000 | MAATSKAPPY 2021 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Eiendom teen drawaarde** | | | | |
| Verskeie eiendomme in Hartenbos | **6 330** | 330 | **330** | 330 |

| **Rekonsiliasie van bates gehou vir verkoop – Groep en Maatskappy 2022** | Openingsaldo R'000 | Herklassifikasie R'000 | Eindsaldo R'000 |
|---|---|---|---|
| Eiendom teen drawaarde | **330** | **6 000** | **6 330** |

| **Rekonsiliasie van bates gehou vir verkoop – Groep en Maatskappy 2021** | Openingsaldo R'000 | Verkope R'000 | Eindsaldo R'000 |
|---|---|---|---|
| Eiendom teen drawaarde | 331 | (1) | 330 |

'n Register met besonderhede van eiendom wat beskikbaar is vir verkoop is ter insae beskikbaar by die geregistreerde kantoor van die maatskappy. Dit is steeds bestuur se bedoeling om die bates te hou vir verkoop, eerder as vir gebruik. Die bates word steeds aktief bemark.

Eiendom ter waarde van R6 miljoen is gedurende die huidige finansiële jaar geherklassifiseer na bates gehou vir verkoop aangesien bestuur beoog om die eiendom binne die volgende 12 maande te verkoop en die besluit reeds voor jaareinde geneem is.

### 15. FINANSIËLE AANSPREEKLIKHEDE

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| **Gehou teen geamortiseerde koste**<br>**ABSA Bank Bpk.** | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Gesekureerde termynlening**<br>Termynlening vanaf ABSA Bank Bpk teen prima rentekoers minus 1% terugbetaalbaar in 0 (2021: 13) oorblywende maandelikse paaiemente van R0 (2021: R0,3 miljoen) elk. | **-** | 4 053 | **-** | 4 053 |
| **Gesekureerde termynlening**<br>Termynlening vanaf ABSA Bank Bpk teen prima rentekoers minus 1% terugbetaalbaar in 68 (2021: 80) oorblywende maandelikse paaiemente van R0,1 miljoen (2021: R0,1 miljoen) elk. | **6 900** | 7 891 | **6 900** | 7 891 |
| **Gesekureerde ontwikkelings-/beleggingslening**<br>Die gesekureerde ontwikkelings-/ beleggingslening en die termynlening is gekonsolideer in die huidige finansiële jaar. Slegs rente is terugbetaalbaar op die lening vir 'n periode van drie jaar wat 'n aanvang in November 2021 geneem het. Kapitaaldelging van R0,4 miljoen per maand begin in jaar 4, eskaleer na R0,6 miljoen per maand in jaar 5 en word gevolg deur 'n kolbetaling onmiddellik daarna wat herfinansier sal word. | **138 952** | 139 014 | **-** | - |

| | GROEP 2022 R'000 | GROEP 2021 R'000 | MAATSKAPPY 2022 R'000 | MAATSKAPPY 2021 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Gehou teen geamortiseerde koste** | | | | |
| **ABSA Bank Bpk.** | | | | |
| **Gesekureerde termynlening** | | | | |
| Termynlening vanaf ABSA Bank Bpk. teen prima rentekoers minus 1% terugbetaalbaar in 0 (2021: 13) oorblywende maandelikse paaiemente van R0 (2021: R0,1 miljoen) elk. | **-** | 1 523 | **-** | - |
| **Gesekureerde termynlening** | | | | |
| Termynlening vanaf ABSA Bank Bpk. teen prima rentekoers minus 0,5% terugbetaalbaar in 54 (2021: 66) oorblywende maandelikse paaiemente van R0,2 miljoen (2021: R0,2 miljoen) elk. | **8 670** | 10 276 | **-** | - |
| **Gesekureerde termynlening** | | | | |
| Termynlening vanaf ABSA Bank Bpk. teen prima rentekoers minus 0,5% terugbetaalbaar in 68 (2021: 80) oorblywende maandelikse paaiemente van R0,1 miljoen (2021: R0,1 miljoen) elk. | **5 233** | 5 974 | **-** | - |
| **Gesekureerde termynlening** | | | | |
| Termynlening vanaf ABSA Bank Bpk. teen prima rentekoers minus 0,5% terugbetaalbaar in 54 (2021: 66) oorblywende maandelikse paaiemente van R0,2 miljoen (2021: R0,2 miljoen) elk. | **8 671** | 10 276 | **-** | - |
| **Gesekureerde termynlening** | | | | |
| Termynlening vanaf ABSA Bank Bpk. teen prima rentekoers minus 0,5% terugbetaalbaar in 68 (2021: 80) oorblywende maandelikse paaiemente van R0,1 miljoen (2021: R0,1 miljoen) elk. | **5 235** | 5 972 | **-** | - |
| **Subtotaal: ABSA Bank Bpk.** | **173 661** | 184 979 | **6 900** | 11 944 |

| | GROEP 2022 R'000 | GROEP 2021 R'000 | MAATSKAPPY 2022 R'000 | MAATSKAPPY 2021 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Eerste Nasionale Bank Bpk. (ENB)** | | | | |
| **Gesekureerde termynlening** | | | | |
| Termynlening vanaf ENB Bpk. teen prima rentekoers terugbetaalbaar in 61 (2021: 73) oorblywende maandelikse paaiemente van R0,2 miljoen (2021: R0,2 miljoen) elk. | **12 606** | 14 598 | **12 606** | 14 598 |
